# HOOFSTUK V.

## DIE SMUTS-ONDERWYSWET VAN 1907.

### 1. Die Onderwysbeleid van Lord Selborne as Grondslag van van die Smutswet.

#### (a) Inleiding.

In 1905 het Lord Selborne vir Milner as Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika en Goewerneur van Transvaal en die Oranje-Rivier-Kolonie opgevolg. Sy taak was om die bestuur van die verowerde Republieke gedurende die oorgangstydperk van Kroonkolonie tot Verantwoordelike Regering te behartig.[1)]

Met sy ampsaanvaarding het daar 'n einde aan die burokratiese stelsel van onderwys gekom. Vir afsluiting het Milner op 14 April 1905 in 'n lang konfidensiële brief aan Selborne inligting en wenke verskaf wat as rigsnoer vir sy administrasie en beleid moes dien. Selborne is hierin gewaarsku om hom nie deur die sluwe boere om die bos te laat lei nie. Hy moes terdeë besef dat die Boereleerstellings en ideale gevaarlik was en dat hulle aanvalstaktiek altyd as dubbelsinnig en vals beskou moes word.[2)]

Nieteenstaande die politieke dokument was Selborne nogtans simpatiek in sy optrede en toegewend teenoor die Afrikaanssprekende element in Transvaal. Dit het hom gewild onder die bevolking gemaak en sy onderwyswetgewing vergemaklik, alhoewel hy tog sterk teenkanting van beide seksies van die bevolking teengekom het.[3)]

Hy het 'n ope oog vir toestande besit en 'n oor aan die versoeke van die Boereleiers verleen. Om nader kennis van onderwystoestande te verkry, het hy verskeie dorpe en onderwyssentra besoek en onderhoude met onderwyshoofde

---

1. Encyclopaedia Brittanica, Vol. 20, 295.
2. The Milner Papers, II, 550-558.
3. Jeppe: Caleidoscopic Transvaal, 254-'5.

en leiers gereël.[1]

Selborne was nie bereid om die standpunt van die Boereleiers te minag soos Milner gedurende sy regime gedoen het nie, maar wel om met die komitee van Het Volk-party te onderhandel.

(b) Onderwysvoorstelle van Het Volk-Party.

Op 1 Augustus 1905 het Lord Selborne met behulp van Luitenant-Goewerneur Sir Arthur Lawley, die Koloniale Sekretaris, P. Duncan en J.E. Adamson, die Direkteur van Onderwys, tesame met Generaals Louis Botha en Smuts en die heer Louis Esselen namens Het Volk oor die onderwysvraagstuk gekonfereer.[2]

Onmiddellik na hierdie bespreking het Botha die volgende breedvoerige uiteensetting van voorstelle aan Duncan oorhandig, opgestel deur die hoofkomitee van Het Volk.[3]

(i) Adviserende skoolrade van nie meer as nege en nie minder as ses lede met die magistraat as voorsitter, moes in elke distrik in die lewe geroep word.

(ii) Die skoolkommissielede moes die skoolrade vir 'n tydperk van drie jaar kies.

(iii) Die skoolrade moes soos volg funksioneer: hulle moes algemene toesig hou oor die openbare laerskole van die distrik en ook dien as skakels tussen die skoolkommissies en die Direkteur van Onderwys; hulle moes funksies uitoefen wat die Direkteur aan hulle sou opdra; hulle sou seggenskap hê in die aanstelling en ontslag van leerkragte.

(iv) Alle laerskole moes onder die beheer van skoolkommissies wees.

(v) Skoolkommissies bestaande uit nie minder as ses en nie meer as nege lede moes vir elke skool vir 'n tydperk van drie jaar deur die ouers gekies word.

(vi) Vir elke skool van ten minste dertig leerlinge moes so 'n kommissie deur die ouers gekies word.

---

1. Lord Selborne: Opmerkingen van Zyn Excellentie den Goewerneur omtrent onderwys - A.C. 968.25.
2. The Star: 15.2.'07.
3. Executive Council Correspondence: Ex.Co.1115/1905 en 1125/1905. Genl. Botha aan P. Duncan - 29.8.'05.

(vii) Die funksies van die skoolkommissies sou wees: om algemene toesig oor die skool, die geboue en die terrein te hou, onderhewig aan die regulasies van die Onderwysdepartement; die aanstelling en skorsing van onderwysers met goedkeuring van die skoolraad en Departement waar te neem; om die sienswyse van ouers in verband met skoolsake aan te hoor en aanbevelings by die skoolraad te maak.

(viii) Met die aanstelling van 'n onderwyser moes die skoolkommissie sy aanbevelings aan die skoolraad vir goedkeuring stuur en laasgenoemde moes dit met aanmerkings, indien nodig, aan die Departement oordra.

(ix) Vir die skorsing van 'n onderwyser moes die naam van die betrokke leerkrag tesame met die redes aan die skoolraad verstrek word. Die skoolraad moes dan so 'n saak ondersoek en die aanbeveling van die skoolkommissie bekragtig of afkeur. Hierdie besluite van die skoolraad moes dan na die Departement vir bekragtiging deurgestuur word.

(x) Die onderwyser moes in oorleg met die skoolkommissie die medium van onderwys bepaal wat die beste in die belang van die opvoeding van die kind sou wees. Verskille in die medium van onderwys moes deur die skoolraad besleg word.

(xi) Beide skoolrade en -kommissies moes hulle eie huishoudelike reglemente opstel, notules van vergaderings hou en hulle eie sekretarisse benoem met 'n salaris wat aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys onderhewig sou wees.

(xii) In die laerskole moes eweveel tyd aan die onderrig van Hollands en Engels gewy word. Die Direkteur moes alles in die werk stel om doeltreffende onderwys en inspeksies van Hollands te verseker.

(xiii) Sekondêre onderwys, nie onder staatsbeheer, moes op die £-vir-£-basis subsidie ontvang mits die leerplan van die Onderwysdepartement gevolg word soos in oorleg met die Direkteur van Onderwys gewysig. Sulke skole sou aan departementele inspeksies onderhewig wees.

(xiv) Aangesien die uitgestrekte platteland byna onoorkoomlike struikelblokke vir onderwys aan die kinders besorg het as die beperking van dertig leerlinge per skool streng toegepas sou word, is aan die hand gedoen dat private plaasskole wat ten minste drie myl van 'n elementêre openbare skool geleë was, volgens dieselfde beginsels wat in die Kaapkolonie in werking was, subsidie moes ontvang, op voorwaarde dat hulle onderhewig sou wees aan goewermentsinspeksie.

(xv) Geen skoolboeke wat, deur vertolking van historiese feite moontlik die gevoelens van enige gedeelte van die leerlinge kon seermaak, sou toegelaat word nie. Die doel van die Onderwysdepartement moes wees om by alle leerlinge 'n eerbied vir die verlede, sowel as verdraagsaamheid, samewerking en nasionale selfrespek aan te kweek.

Na rype oorweging het die Koloniale Sekretaris 'n "Memorandum on Proposed Changes in the Administration of the Education Law with a view to a Union of the Schools of the Christian National Education Committee with the Government System" opgestel. Die regeringskomitee het nie sy weg vir sulke drastiese veranderinge op onderwysgebied oop gesien nie, omdat die regering geen finansiële verpligtinge op die bevolking wou laai nie wat as gevolg van die pasafgelope oorlog verarm was. Deurdat in die nabye toekoms konstitusionele verwikkelinge in Transvaal verwag kon word, wou die regering nie sulke veranderinge invoer nie. Trouens, die regering was begerig om deur middel van vriendskaplike reëlings die C.N.O.-skole oor te neem. Ongelukkig het die struikelblok in die probleem van plaaslike beheer van skoolrade en -kommissies gelê asook in die benoeming van onderwysers.[1)]

Nieteenstaande die feit dat voorstelle van Het Volksparty nie aanneemlik vir die regering was nie, wou die goewerment tog wel tot 'n ooreenkoms met hulle geraak. Enige uitbreiding van die magte van skoolkommissies waartoe ooreengekom kon word, moes slegs as 'n voorlopige administratiewe verandering beskou word totdat die vaste stelsel ingevoer sou word. Die regering was ook bereid om aan die bestaande skoolkommissies dieselfde magte toe te ken as wat die skoolkommissies onder die Kaapse Skoolradewet nr. 35 van 1905 besit het. Hulle was selfs gewillig om dieselfde toegewing aan Hollands as vak toe te ken as wat aan Engels toegeken is waar beide tale geleer is. Die onder-

---

1. The Transvaal Executive Council Correspondence 1125-1/9/'05.

wyser sou toegelaat word om Hollands as medium te gebruik waar Engels nie voldoende deur die leerlinge verstaan is nie. Alle eksamens vanaf standerd III moes in Engels geskied. As dit sou gebeur dat die C.N.O.-skole regeringskole word, sou die betrokke skole met hulle personeel net so oorgeneem word, maar die kwalifikasies van die personeel sou nagegaan word.[1]

Die Direkteur van Onderwys het op die memorandum van die Koloniale Sekretaris opgemerk dat skoolrade wel ingevoer kon word. Die lede kon gedeeltelik benoem of deur die lede van die skoolkommissie gekies word en gedeeltelik deur die Luitenant-Goewerneur benoem word. Sulke skoolrade kon dieselfde mag beklee as die skoolrade onder die Kaapse Onderwyswet Nr. 35 van 1905.[2]

Hierop het die Prokureur-Generaal, Sir Richard Solomon en die here Duncan en Adamson weer die hoofkomitee van Het Volk ontmoet om verder oor onderwyssake te beraadslaag. ŉ Verslag van die samesprekings, tesame met die memorandum van die Koloniale Sekretaris, is na die Goewerneur deurgestuur.[3]

Voor die opstelling van sy memorandum het Selborne weer die hoofkomitee van Het Volk ontmoet. Die pers het hewig oor die voorval tekere gegaan. Daarop is aangedring om Britse opperheerskappy in Transvaal te handhaaf en ŉ beroep is op verstandige persone gedoen, afgesien van partyskap om Selborne te ondersteun in sy pogings om opvoedkundige vrede in Transvaal te bestendig en om die kinders van beide rasse in dieselfde skole op te neem.[4]

Selborne het ook die uiterste pogings aangewend om die samewerking van Het Volk te verkry om op die wyse die

---

1. The Transvaal Executive Council Correspondence 1125-1/9/'05.
2. Ibid.
3. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 419.
4. The South African News, 11/11/'05.

C.N.O.-skole onder die staatskole ingeskakel te kry. Hierdie besprekings met die hoofkomitee van Het Volk en die raadpleging van hulle memorandum en die van die Koloniale Sekretaris het Selborne gehelp om sy memorandum op te stel.

(c) Die Selborne-Memorandum, 17 November 1905:[1)]

Die Selborne-memorandum het die volgende omvat:

(i) Verpligte skoolbesoek:

Selborne het aanbeveel dat die Wetgewende Vergadering dit moes oorweeg om 'n wet deur te loods wat verpligte laeronderwys sou invoer en dat van plaaslike bydraes gedeeltelik vir die onderwys gebruik gemaak moes word. Hierdie ontwikkelinge moes suiwer administratief wees, sodat die toekomstige goewerment te eniger tyd veranderings hierin kon aanbring.

(ii) Skoolkommissies:

Elke goewermentslaerskool in Transvaal met sestig of meer leerlinge moes 'n adviserende skoolkommissie besit wat deur die Luitenant-Goewerneur benoem sou word. Maar daar is verwag dat laasgenoemde alleen lede uit die ouers met skoolgaande kinders sou benoem. Die doel van die kommissie moes wees om die goeie verhouding tussen die ouers en onderwysers te bewaar. Die funksies van die kommissies moes delegerend wees en hulle moes onder die beheer en regulasies van die Onderwysdepartement staan. Aan hulle moes die toesig oor die skool en geboue toevertrou word. Voorts is verwag dat hulle in 'n direkte raadgewende hoedanigheid by die keuring en aanstelling van onderwysers sou optree, sowel as by die skorsing van 'n onderwyser weens wangedrag, maar nie by ontslag nie; dit sou alleen by die direkteur berus.

(iii) Adviserende Skoolrade:

Die stelsel van skoolkommissies sou baie verbeter en

---

1. Report on the Education of the Transvaal: 30th June, 1905 - 30th June, 1906.

die algemene stelsel van onderwys versterk word as adviserende skoolrade vir groter distrikte benoem word om as skakel tussen die Onderwysdepartement en die skoolkommissie te dien. Sulke rade moes deur die verskillende skoolkommissies van die distrikte gekies word. Een-derde van die lede van die rade moes deur die Regering benoem word, insluitende die magistraat wat ipso facto te alle tye as ex-officio voorsitter sou ageer. Die skoolrade sou net soos die skoolkommissies adviserende hoedanighede besit. Hulle sou alleen sulke funksies vervul wat van tyd tot tyd aan hulle deur die Goewerment toegeken sou word. Eerstens sou hulle 'n algemene toesig oor die openbare laerskole in die distrik uitoefen en as skakels tussen die skoolkommissies en die direkteur dien. Hulle sou toesig hou en indien nodig die skoolkommissies adviseer in verband met die skorsing en die benoeming van onderwysers.

(iv) Benoeming van Onderwysers:

Selborne het hoë eise aan onderwysers gestel. Hulle moes onberispelik in hulle gedrag wees, asook behoorlik gesertifiseer en bevoeg vir die werk. Daarby moes hulle lojale onderdane van die koning wees. Die aanstelling van geskikte onderwysers was dus 'n saak van die hoogste belang vir die laer onderwys. Die Direkteur van Onderwys wat namens die Regering moes handel, moes vir die aanstelling en afdanking van onderwysers verantwoordelik wees. In hierdie taak moes hy deur die skoolkommissies en -rade bygestaan word sodat die ouers ook 'n seggenskap in die keuse van onderwysers kon hê. „The educational system would be in every way strengthened by giving to the school committees and to School Boards a definite and important part in the selection of teachers for appointment by the Director of Education."[1)]

1. (a) Luit.-Governor of Transvaal: Lt.G.129, No.114/1-190[5]
(b) T.E.D.-Report, 1905-'06, Bylae III, 157-163.

(v) Die Taalvraagstuk:

Die taalvraagstuk is deur Selborne baie deeglik besef. Hy het 'n duidelike onderskeid tussen die gebruik van 'n taal as medium en die gebruik van 'n taal as vak gemaak. Die opvoedkundige onaanvegbare beginsel van moedertaalonderwys het hy erken. Elke kind, of hy Engels- of Afrikaanssprekend was, moes sy aanvangsonderwys in sy moedertaal ontvang. Die tweede taal moes hy as 'n gewone vak deur middel van taallesse aanleer. Die Engelse taal is egter vir die Afrikaanssprekende kinders van so groot belang gereken dat Selborne dit wenslik geag het, om, sodra hulle Engels begin te verstaan, dit as medium van onderwys by alle vakke te gebruik, behalwe in die Hollandse taallesse selfs nog voor standerd III. Hollands as vak sou in alle staatskole onderwys word aan kinders van ouers wat dit verlang. Geen dwang sou egter op enige kind uitgeoefen word om Hollands te leer nie.[1)]

Die ou onderwysregulasies van Goewermentskennisgewing Nr. 860 van 1903 is deur die Selborne-onderwyswetgewing van 1905 opgehef en die nuwe onderwysrigting ingestel wat deur Smuts voorgestaan is.

2. Staatkundige en Filosofiese Invloed van Smuts op sy Onderwyswet van 1907.

(a) Inleiding.

Die politieke verhoudinge in Engeland het in die begin van 1906 sy hoogtepunt bereik. Die verklaring van Kitchener aan Smuts in 1902 dat binne enkele jare 'n liberale regering aan die bewind sou kom, het vinnig bewaarheid geword. In Januarie 1906 is die Balfour-regering deur die liberale Campbell-Bannerman-kabinet vervang.[2)]

---

1. (a) Luit.-Governor of Transvaal:Lt.G.129, No.114/1-1905;
   (b) T.E.D.-Report, 1905-'06, Bylae III, 157-163.
2. Spender: The Life of the Rt. Hon. Sir Henry Campbell-Bannerman - Vol. II, 218-214.

Gedurende die tydperk van Militêre en Verteenwoordigende Bestuur het Smuts verkies om buite die administrasie te bly tot Transvaal Selfbestuur ontvang het.[1] Smuts, wat goed op hoogte met die staatkunde en politieke ontwikkelinge in Engeland gebly het, het vanaf 1904 sy huis in orde begin bring deur die volk wat stadig weer tot ontwaking gekom het na die skok van 1902, in Het Volk-party te organiseer. As een van die leiers het hy geweet hoe die polsslag van sy volk geklop het. Hierdie volksorganisasie het hom kragtig gesteun om na Selfbestuur te strewe. Deur Het Volk-party wou hy sy ideale en oogmerke van 'n verenigde volk in die Britse Ryk bereik. Met sy party aan die bewind van Verantwoordelike Bestuur wou hy 'n staatkunde volg wat sy erkentlikheid aan Engeland sou bewys vir samewerking en deelvorming van die groot geheel van die Ryk.[2]

Die hele politieke verwikkelinge in Engeland en in Transvaal het vir Smuts volgens plan verloop. Na die kabinetsamestelling van Campbell-Bannerman het Smuts as gesant van sy party sy beloofde Selfbestuur gaan eis. In sy onderhoud met die Eerste Minister het Smuts al op sy ingeslane weg tot so 'n selfoorgawe en oortuiging gekom dat hy Campbell-Bannerman verseker het dat as Selfbestuur toegestaan word, dit die enigste middel sou wees „of achieving Boer-British co-operation".[3]

Die kabinet het op 'n onmiddellike toekenning van Selfregering aan Transvaal en die Oranje-Rivier-Kolonie besluit. Binne enkele weke is die Lyttleton-oktrooi geskrap en in Mei 1906 was die koninklike kommissie op Pretoria om die vraagstuk van Selfbestuur te ondersoek. In Desember van dieselfde jaar het Transvaal sy Grondwet ontvang[4] waar-

1. Kiernan: General Smuts, 210.
2. Millin: General Smuts, 53.
3. Kiernan: a.w., 54-55.
4. Rose, Newton, Bennians: Cambridge History of the British Empire, Vol. VIII, 624.

volgens voorsiening gemaak is vir ꞌn Wetgewende Raad, ꞌn Wetgewende Vergadering en ꞌn Uitvoerende Mag wat uit die Goewerneur-Generaal en ꞌn kabinet van ses ministers sou bestaan.[1)]

Met die eerste verkiesing onder Selfbestuur het Het Volk-Party ꞌn skitterende oorwinning behaal. Botha het as Eerste Minister opgetree en Smuts het die portefeuljes van Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys behartig.[2)]

Tans was die geleentheid daar dat Smuts sy staatkunde en filosofiese denke in die praktyk kon toepas in die vorm van ꞌn onderwysbeleid om volgens sy sienswyse rassetevredenheid, -eenheid en geluk te bewerkstellig.[3)]

Hierdie eenheid en geluk sou egter ten koste van die Boere-ideale en sentiment wees, want hy het die deel in die geheel van die Britse Ryk gesien.

(b) Sy Onderwysbeleid:

Hierdie onderwysbeleid van Smuts het met sy staatkundige en filosofiese denke gestrook.

Baie ywerig het die nuwe bewind in Transvaal, met Botha en Smuts aan die spits van die regering, die Milner-administrasie oorgeneem en radikale veranderings daarin aangebring.

Tot 1906 was Smuts se onderwysbeleid ꞌn getroue weergawe van Krugerisme gewees soos geblyk het uit die eerste onderwyskongres in Desember 1905. As lid van die hoofkomitee van Het Volk-party was hy roerend eens met die Botha-Beyers voorstel na die tweedaagse dabat oor die C.N.O.-beleid. Die voorstel het die volgende behels: „Aangesien uit alle onderhandelingen met de Regeering over die Onderwyskwestie gedurende de laatste jaren en tot nu toe gebleken

1. The Transvaal Government Gaxette Extraordinary, Vol. XIX No. 451, 14-12-'06; Cd 3250/1906.
2. Walker: A History of South Africa, 519.
3. Smuts: Groter Suid-Afrika, 151.

is dat de rechten van ons volk niet erkend is geworden, maar in tegendeel, ons ontnomen worden, dat, waar op my rechtmatig aanspraak kunnen maken, zo besluit het kongres met de volksopvoeding volgens C.N.O. voort te gaan".[1]

Die antwoord van die kongres op die Selborne-memorandum was baie duidelik. Die volk was nie gediend met die regering se onderwysstelsel, selfs met die paar wysigings, die skoolkommissies en -rade nie, want.....„duizenden en nogeens duizenden Afrikaners huldigen de overtuiging dat hul taal, zeden, nationaliteit en godsdienst schade lyden op de 'Gouvernement School".[2]

Teenoor hierdie opvatting van die onderwyskongres het Smuts vanaf 1906 koud begin staan en 'n ander sienswyse begin huldig.

Kort na die indienstreding van die Campbell-Bannerman-kabinet in Januarie 1906 en na die tweede onderwyskongres op 20 Maart van dieselfde jaar het Smuts in sy toespraak op Klerksdorp voor Het Volk-party verklaar:„Engelse en Boeren kinderen moeten op dezelfde school gaan zodat het volk zal opgroeien tot een gelukkige en eendragtige natie".[3]

Campbell-Bannerman se optrede teenoor Transvaal het Smuts se bekering tot die Britse imperialisme 'n voldonge feit gemaak en wat hom met sy onderwysbeleid oorhoop laat lê het. Terwyl die groot vooruitsigte van 'n verenigde Suid-Afrika steeds sterker in sy gedagte gegroei het, het hy kragtige pogings aangewend om die verskille tussen die rasse uit te wis wat verantwoordelik vir soveel tweedrag was.[4]

Met die vorming van die nuwe regering van Transvaal onder Selfbestuur het die C.N.O.-manne beter vooruitsigte

1. De Volkstem - 20/12/'05.
2. De Volkstem - 6/1/'06.
3. De Volkstem - 21/4/'06.
4. Crafford: Jan Smuts, 80.

vir die onderwys onder Smuts in die oog gehad. Reeds op die kongres van Het Volk in Desember 1906 het die voorstanders van C.N.O. al tot 'n pynlike ontnugtering gekom. Die kongres het by die opstelling van die partybeginsels die onderwys soos volg bepaal: „Elementair onderwys op kosten van de Staat, met erkenning der rechten van de ouders - by wyze van gekozen kommissies in de aanstelling van onderwyzers en in de keuze van de medium van onderwys, met dien verstande dat onderricht in de Engelsetaal verplichtend zo binnen praktiese limieten en aanmoediging van goedkope hogere en techniese opvoeding".[1]

Generaal Botha, die leier van Het Volk, het op die kongres hom soos volg oor onderwys uitgelaat: „Wy moeten niet te veeleisend zyn...en de bedoeling daarmee is: de beide rassen tot elkaar te brengen".[2]

Hierdie openbaring van Botha het Het Volk twee fundamentele beginsels van die C.N.O. laat versaak: die party wou suiwer staatskole hê en daarmee is subsidies aan C.N.O.-skole ingetrek; die beginsel van gelyke regte vir Hollands en Engels is ook prysgegee, want alleen Engels sou verpligtend wees.[3]

Slegs een van die kardinale eise van C.N.O. is in die program van Het Volk behou, naamlik dat ouers seggenskap by die benoeming van onderwysers sou hê. Hoe ver die seggenskap egter sou gaan, is ook nie vasgestel nie.

C.N.O.-voorstanders het dus geweet dat hulle ideale nie verwesenlik sou word nie, al sou 'n Boereregering aan die bewind kom. Al waarop hulle nog kon hoop, was 'n redelik gunstige kompromis. Die Christelike Skoolblad was met hierdie kongrespunt ook nie eens nie en die blad het volgehou om te propageer vir „vrye scholen gesubsidieerd

---

1. Het Christelyke Schoolblad, 1/1/'07; De Volkstem 5/12/'0
2. De Volkstem - 8/12/'06.
3. Ibid.

door de staat".[1]

Generaal Botha het getrou aan die rigting gebly wat Het Volk ingeslaan het. Hy het die hoop uitgespreek dat die party met die Engelssprekendes 'n ooreenkoms in onderwys sou tref wat vir beide kante van die bevolking aanneemlik sou wees.[2]

Om die Afrikaanssprekendes in 'n mate tegemoet te kom, het Botha by geleentheid van 'n noenmaal die volgende wens oor die onderwys uitgespreek: „Het enige waar wy aanspraak op maken is dit; dat wy liever zouden zien dat tenminste tot een zekere standaard de Hollandssprekende kinderen onderwezen zullen worden door middel van hun eigen taal, de enige die zy verstaan".[3]

In dieselfde trant as Botha het Smuts hom oor onderwys uitgelaat. Een van die eerste geleenthede waarop hy in sy hoedanigheid as Koloniale Sekretaris opgetree en sy onderwysbeleid opgestel het, was in 'n toespraak op Boksburg waar hy in Maart 1907 'n goewermentskool geopen het. Die hoofkenmerk van hierdie beleid was dat hy 'n eenvormige staatstelsel beoog het waaronder alle Engels- en Afrikaanssprekende kinders saam opgevoed kon word.[4]

Die konsiliasiebeleid van Milner is voortaan deur Smuts verkondig. Hy het die regeringstelsel en onderwysbeleid van Milner en Selborne aangeprys en dit as basis vir sy beleid geneem, want „vandag kunnen wy zeggen dat het Goewernement een gesonde grondslag gelegd heeft voor de toekomstige ontwikkeling van ons onderwysstelsel".[5]

In sy toespraak het hy sy mening uitgespreek dat met Selfbestuur gesien moes word of die denkbeelde van die goewerment se onderwysmanne in ooreenstemming is met die van

---

1. Het Christelyke Schoolblad - 1/1/'07.
2. De Volkstem - 13/2/'07.
3. De Volkstem - 13/3/'07.
4. The Star - 27/3/'07.
5. De Volkstem - 3/4/'07.

die bevolking. Daar sal gebou en verbeter moes word ten einde alles in ooreenstemming met die aard van Transvaal te bring.[1)]

Dit was die rede waarom die C.N.O.-beleid teenstrydig met Smuts se ingenome standpunt oor onderwys was. Sy belangstelling vir C.N.O. het begin taan. Hy het verder aangevoer dat baie ingesetenes ontevrede met die goewermentsonderwys was en daarom is eie privaatskole gestig. Aangesien hy verpligte onderwys wou invoer, kon die C.N.O. nie vir hom as aparte stelsel bly bestaan nie, want dan kon hy nie kontrole oor skoolbesoek so maklik laat plaasvind nie.. „En nu de goewernementscholen sich hebben ontwikkeld, geloof ik niet dat een afzonderlik stelsel nodig is." Nóg die Boer, nóg die Engelsman moes hom afsonder en die stelsel moes rekbaar wees om alle redelike verlange te bevredig.[2)]

Hierdie onderwysbeleid van Smuts was deel van en in volkome ooreenstemming met die konsiliasiepolitiek van sy voorgangers Milner en Sargant. Daar moes een onderwysstelsel volgens hulle wees om albei rasse tot een volk op te los:„The national system (of education), which we are trying to establish, and which, if successful, will do more than anything else to the discordant elements of this community into one people".[3)]

Aansluitende by Milner het Sargant se onderwysbeleid gevolg, naamlik die grondlegging van ŉ gemeenskapliek skoolstelsel in Transvaal waar die skoolbevolking van beide rasse langs mekaar kon opgroei.[4)]

Op die spoor van die Britse owerheid het Smuts met sy uitgesproke onderwysbeleid gevolg. In April 1907 het

---

1. De Volkstem - 3/4/'07.
2. Ibid.;
   The Star 27/3/'07.
3. The Milner Papers II: Milner aan Chamberlain 29-9-02, 278.
4. Report of the Dir. of Educ. - 1900-1904, 1-2.

hy hom soos volg uitgelaat: „The one way to keep apart the two peoples who are destined to dwell together in this land was to educate them in separate and distinct schools, and the one way to bring them together in that unity in which all racial animosities would disappear and which alone would bring about the country's true welfare, was to put them side by side in their impressionable school days".[1)]

Smuts het in die skool as middel geglo om eenheid onder die twee blanke rasse te verkry. Op die reeds vasgelegde onderwysbeleid moes voortgebou word. Smuts wou hê dat die onderwysowerheid veranderings, verbeterings en vooruitgang in verskillende rigtings moes aanbring, „in order to bring this system more and more into harmony with the needs, ideas and aspirations fo the people of the Transvaal".[2)]

Sy toegewyde staatkunde is om konstruktief, aanvullend en nie rewolusionêr te wees nie.[3)]

Hy het betoog dat vanaf 1806 vir honderd jaar lank foutief te werk gegaan was. Nou moes die regte fondament van samewerking gelê word sodat daar geluk, eenheid en voorspoed in die toekoms kon wees.[4)] Daarom moes daar 'n onderwysstelsel vasgelê word wat tevredenheid vir beide Boer en Brit kon gee met elke kardinale beginsel behoorlik beskerm.[5)]

Hierdie onderwysbeleid van Smuts was reëlreg in stryd met die C.N.O.-beginsel wat die Boerevolk voorgestaan het. Hy wou nie 'n onderwysstelsel voorstaan wat as 'n twisappel tussen die twee blanke rasse sou ontwikkel nie. Hy het geen beswaar daarin gesien nie om 'n onderwysstelsel, gefundeer op die Selborne-beleid, voor te staan wat in elke

---

1. (a) T.E.D. Report 1906-'07, 2;
   (b) De Volkstem 3/4/'07.
2. The Star - 27/3/'07.
3. Ibid.
4. Ibid. - 26/2/'07.
5. Ibid. - 14/2/'07.

redelike behoefte en vereiste kon voorsien.[1]

(c) Adamson se Onderwysbeskouings as Rigsnoer vir Smuts se Onderwyswetgewing.

Nie alleen het Sargant en Selborne se onderwyswetgewing invloed op die ontwikkeling van die verdere onderwys in Transvaal uitgeoefen nie,maar ook die onderwysbeskouings van J.E. Adamson, die nuwe Direkteur van Onderwys, was vir die verdere ontwikkeling van die onderwys van die grootste belang. As adviseur van Smuts oor onderwyssake in die formulering van die Onderwyswet van 1907, sal enkele van sy onderwysidees ontleed word, want die beskouing het ongetwyfeld sy spore op die onderwyswetgewing agtergelaat.

Adamson, as opvoedkundige, wat in Engeland opgelei was, was deeglik bekend met die Britse onderwysstelsel en die gangbare mening in die onderwys. Die vraagstuk van die onderwyser het heelwat kommentaar uitgelok. In hierdie verband het Adamson dieselfde mening as die gangbare opvatting in Engeland gehuldig. Dit was die opvatting in Engeland om aan geen ouer seggenskap in die benoeming van onderwysers te gee nie. M.C. Bruce het in die verband die volgende aangehaal:„No greater mistake from an educational point of view could be made, to say nothing of the Imperial point of view and it is a matter that in the coming year must not be lost sight of".[2]

In die onderwysrapport van 1905-'06 het Adamson beweer dat onder die bestaande reëlings waardeur verantwoordelikheid vir die voorsiening van opvoedkundige fasiliteite by die sentrale regering berus, die onderwysers as openbare of staatsamptenare beskou word. Dit is aanbeveel dat dit nodig en selfs wenslik was om die status so te verander om die onderwyser onder kontrole van plaaslike liggame te plaas.[3]

1. The Star - 27/3/'07.
2. Bruce: The New Transvaal, 57.
3. T.E.D. Report, 1905-'06, 8.

Net soos sy voorgangers, Milner en Sargant, was Adamson sterk daarteen gekant dat die ouers enige kontrole in die keuse van onderwysers moes besit. So 'n seggenskap sou uit die oogpunt van die opvoedkungige welvaart van die kolonie nie toegelaat word nie.[1]

Die reeds bestaande stelsel het die onderwysers as staatsamptenare geklassifiseer, anders sou hulle nie meer deur 'n kontrak met die staat verbind wees nie, maar aan die plaaslike komitees. Hierdeur sou die plaaslike owerheid nie net alleen die onderwyser wou aanstel nie, maar ook die salaris bepaal. „No greater danger to the efficiency of the system could be conceived."[2]

Nieteenstaande die beperkings op die onderwysprofessie het Adamson tog vir verbetering van die onderwyser se status gepleit. Hy het aangevoer dat dit nie verwag kon word dat 'n opgeleide onderwyserskorps in die provinsie sou bestaan alvorens daar die versekering van bestaansreg en 'n redelike beloning vir lidmaatskap is nie.[3]

Voorts het hy sterk beswaar aangeteken teen die verslae van die staatsdienskommissie en die Tesourier van die Skatkis waarin aanbeveel is dat liggame groter finansiële verantwoordelikheid moes dra. In die verband was hy 'n sterk voorstander van die standpunt dat die fondse deur die Sentrale Regering beheer moes word. Ingeval die finansies onder plaaslike liggame sou ressorteer, sou die onderwysprofessie nie gewaarborg kon word nie, want sodra hierdie plaaslike liggame belastings moes hef, sou salarisse besnoei moes word en die onderwysers sou aan die wel en wee van plaaslike liggame onderworpe wees. In die verband het Adamson opgemerk: „The moment education receives support from the rates, it is the arena of parochial political and

1. T.E.D Report, 1905-'06, 8.
2. Ibid., 1905-'06, 118.
3. Ibid.

religious controversy; it ceases to be in any sense a national affair. In this colony there is the still graver danger that it might become a focus of racial animosity". [1]

Hy was vas beslote om 'n ingrypende verandering teweeg te bring insake die vraagstuk van kostelose laer onderwys wat deur die Sentrale Regering beheer en gefinansier moes word. Dit sou meebring dat ouerseggenskap uitgesluit word, hoewel hy een of ander vorm van plaaslike verantwoordelikheid in 'n beperkte mate nodig geag het. [2]

Hierdie beginsel van verpligte onderwys, wat Adamson noodwendig aan gratis onderwys gekoppel het, was van ingrypende betekenis. Hy het aangevoer dat as daar enige rede was om laer onderwys vry te laat geskied, dieselfde rede steekhoudend sou wees om dit verpligtend te maak. [3]

Die laaste en belangrikste kenmerk van Adamson se onderwysbeleid was die noodsaaklikheid van Engels vir die Afrikaanssprekende leerling. Hy het beklemtoon dat „the one outstanding obligation is that the language question should not be made an obstacle to the complete preparation of every child in the schools for the severity of the race which the competition of life will compell him to run. And for success in the competition, proficiency in English is indispensable". [4]

Die Engelse pers het vanselfsprekend Adamson se beleid onderskryf en gepropageer en gevolglik op Smuts se destydse standpunt as Kruger- en C.N.O.-man striemende kritiek gelewer.

## 3. Die Engelse Pers en die Onderwys:

Voor die staatkundige ommeswaai van Smuts is hy deur

1. T.E.D. Report, 1905-'06, 118.
2. Ibid., 1905-'06, 119.
3. Ibid., 1905-'06, 43.
4. Ibid.

die Britse pers van Transvaal hewig uitgekryt. Onder die opskrif: „The Boer Leaders' Defections", het die Rand Daily Mail vir Smuts soos volg afgeskilder: „He is one of the five men who were chiefly responsible for the war, a man of intensely bitter feelings, a type of the Africander who, with the more pronounced Hollanders, used every effort to keep the races apart".[1)]

Die blad het ook gemeen dat geen Selfbestuur aan Transvaal toegestaan moes word tot tyd en wyl die bevolking sterk genoeg sou wees om die kolonie in gedagte, staatkunde en aspirasies Brits te oriënteer nie. Dit is 'n bewys dat die blad Smuts nie vertrou het nie, want hy het Chamberlain en die Britse outoriteite bedrieg, nieteenstaande hulle bereidwilligheid om op nie-rasselyne saam te werk, „for he sheds a nationality as easily as a policy".[2)]

In sy toespraak op Krugersdorp het Sir Abe Bailey ook vir Smuts in die voege geskilder: „Of all the leaders he does more to sow distrust, to sow racial feelings, to make one race dislike the other, than any other leader".[3)]

Van Engelse sy is in hierdie tyd onophoudelik beklemtoon en gepropageer dat die bestaande stelsel van regeringskole net so deur die regering oorgeneem moes word en dat elke ander alternatief uit die bose was. Die Transvaal Leader het aangevoer dat Het Volk-leiers bewys kon lewer dat hulle vir samewerking is, slegs as hulle die C.N.O.-skole laat sluit, want „there is no reason for the existence of these schools".[4)] „The Star het op sy beurt ook sy mening soos volg kwyt geraak: „Lord Selborne had very nearly been bamboozled by the Boers and the Brothers Solomon into making a concession with Dutch as medium in the lower standards which was infinitely more serious than the

1. The Rand Daily Mail - 14/2/'03.
2. Ibid., The Rand Daily Mail - 5/1/'06.
3. The Star - 3/2/'06.
4. The Transvaal Leader, 6/12/'06.

concession made... the vital importance to the future of this country as a British Colony of maintaining the admirable system of education which was established after the war...The people as a whole are palpably and demonstrably satisfied and the only sane policy in education today is to let well alone and wait for the results".[1]

'n Paar maande later in April het dieselfde blad voorgestel dat die Hollander-kliek hoër fooie moes betaal, of so nie moes die C.N.O.-skole onder goewermentsregulasies staan.[2]

Saam met die agitasies van die pers het die pleitredes van Adamson en Duncan gekom vir die behoud van die toenmalige regeringstelsel van onderwys as die enigste doeltreffende.[3]

Smuts se toesprake op Boksburg[4] en Klerksdorp[5] het die pendulum van kritiek van die pers presies na die teenoorgestelde rigting laat omslaan. Daar is gejuig oor die wending wat die onderwyssake geneem het.

Aangenaam verras oor hierdie openbaring van Smuts het The Star opgemerk dat die skole die aangewese middel is om eenheid onder die blanke rasse te verkry. Die onthulling van hierdie idee deur Smuts het die pers verbaas laat opkyk: „The Government is committed, in the first place, to a general agreement with the education policy laid down by Lord Milner, and followed since the war".[6]

The Star het vervolgens aangekondig dat Smuts op Boksburg dus vier sake onderneem het:

(i) Continuation of the present policy;
(ii) Free Compulsory elementary education;

---

1. The Star - 18/2/'07.
2. Ibid.. - 12/4/'07.
3. Dir. of Transvaal Report 1905-'06, 118-119.
4. De Volkstem 3/4/'07; The Star 27/3/'07.
5. Ibid. - 27/3/'07.
6. The Star - 27/3/'07.

(iii) A high standard of secondary and technical education and
(iv) Security of tenure and pensions for teachers".

Die blad het dan ook sy grootste lof aan Smuts uitgespreek „for so stoutly maintaining the main principle of uniform public education".[1]

Selfs The Transvaal Leader het Smuts aangeprys in die artikel: „An Enlightened Policy". Die nuusblad het aangevoer dat Smuts met 'n staatsmansoog gesien het dat rasseeenheid binne afsienbare tyd in die skole opgelos sou word. Dit is die weg van eenheid, liefde, vriendskap en vrede.[2] Dieselfde blad het ook sy stem laat hoor omdat Smuts op die kongres duidelik verklaar het dat privaatskole nie subsidie behoort te ontvang nie en dat hulle na die goewermentskole sou moes oorkom.[3]

Op soortgelyke wyse het The Mail die Boksburg-toespraak opgehemel as bewonderenswaardig. Smuts se ideaal was vir hulle diplomaties en sy optrede het vertroue ingeboesem.[4]

Die toespraak wat Smuts op die C.N.O.-kongres van 10 April 1907 gelewer het, het finaal die Britse pers tot matigheid en loftuitinge gedwing. In hierdie rede het hy onomwonde 'n staatstelsel voorgestaan waarin C.N.O. sou opgeneem word. Verpligte onderwys is dan ook in sy nuwe onderwyswetgewing aanbeveel en daarin is bepaal dat Hollands tot sy reg sou kom.[5]

Hierop het The Transvaal Leader hoogs in sy skik en selfvoldaan vir Smuts soos volg gefelisiteer: „It is impossible not to admire the candour with which he conveyed these unpleasant truths, and the firmness with which he opposed himself to the reactionary views of his audience".[6]

---

1. The Star - 12/4/'07.
2. The Transvaal Leader - 28/3/'07.
3. Ibid.
4. The Rand Daily Mail - 28/3/'07.
5. The Star - 11/4/'07; De Volkstem - 13/4/'07.
6. The Transvaal Leader - 12/4/07.

Selfs De Volkstem, wat as mondstuk van Het Volk opgetree het, het vir die nuwe beleid 'n lansie gebreek en hoofsaaklik voor die dag gekom met argumente wat voorheen deur die voorstanders van die C.N.O. gebruik is: „Nu blyft aan de Regering niets anders over dan om geleidelik te zorgen voor de uitvoering van de in't vooruitzicht gestelde maatregelen....en werd gevoeld hoe dit C.N.O. zyn ontstaan dankte aan tydelike nooddrang en hoe, by't ophouden van die noodomstandigheden ook de reden van bestaan voor de organisatie ophield".[1]

Daar is onder andere gevrees dat staatshulp aan die C.N.O. tot stigting van allerlei skole sou lei wat dan ook die reg sou besit om op ondersteuning van die staat aanspraak te maak, sodat die Regering uiteindelik net genadegifte sou moes uitdeel.[2]

De Volkstem het al sterker vir Smuts se onderwysbeleid in die bresse getree. Daar is gewys op sy deugde en prestasies van die verlede en sy optrede in hierdie saak is verdedig deur te sê dat die praktiese staatsman met feitlike toestande rekening hou en van sy ideale opoffer indien hy innig oortuig is dat die openbare belange dit eis.[3]

Hierdie propaganda was vir Smuts 'n riem onder die hart en hy was vas oortuig dat die algemene publiek hom gesteun het, en sy mening in verband met onderwys toegedaan is.

4. Die Konsep-Onderwyswet van 1907:

(a) Inleiding:

Smuts, kragtig deur die pers gesteun en veral deur die Regering se lyforgaan De Volkstem in verband met die nuwe onderwysbeleid,[4] het op 7 Junie 1907 sy konseponderwyswet

1. De Volkstem - 13/4/07.
2. Lt. Gov. 132/114/98 - Brief Duncan aan Visscher.
3. De Volkstem - 22/5/07.
4. The Star - 13/4/'07.

in die staatskoerant gepubliseer. Die volgende dag het hy op die vierde kongres van Het Volk aan die afgevaardigdes sy konsep uiteengesit. Met nadruk het hy verklaar dat die hoofdoel van die konsep was om versoening onder die twee blanke bevolkingsgroepe te verseker en volkseenheid te verkry. Hy wou een gemeenskaplike onderwysstelsel in werking sien wat tevredenheid vir alle seksies van die gemeenskap sou bring.[1)]

In die konsepwet het Smuts van sekere grondbeginsels uitgegaan wat hy in 'n pleitrede voor die kongres en in die uiteensetting vir die agbare lede van die Wetgewende Vergadering opgehelder het. In sy ter tafel legging het hy sekere bewysstukke aangevoer om die moeilike onderwysprobleem te probeer oplos en te oorbrug.

(b) Grondbeginsels waarop die Konsep-onderwyswet gebaseer is:

(i) Die C.N.O.-probleem:

Die sentrale probleem waaroor die konsepwet gehandel het, was die vraagstuk van 'n oplossing van 'n gekompliseerde onderwyssaak, 'n stelsel wat gemeenskaplike voorsiening vir twee rassé, elk met sy eie taal, tradisie, geskiedenis en lewensbeskouing moes maak. Die C.N.O. kon nie so maklik deur Smuts oor die hoof gesien word nie, want die hele Afrikaanssprekende element was daarmee gemoeid.

Van verskillende kante is by die Regering daarop aangedring om C.N.O.-skole te subsidieer. Dit was in die oog van Smuts 'n stap in die verkeerde rigting wat die Regering nie bereid was om te neem nie. Die eerste rede was omdat die stelsel van openbare onderwys wat reeds in swang was nagenoeg een-en-'n halfmiljoen pond beloop het. Om die rede was dit onmoontlik vir die Regering om behalwe die openbare skole ewe eens te sorg vir privaatskole in die vorm

1. The Star - 8/6/'07.

van subsidie. Op grond van besparing was dit onmoontlik om aan die aanvrae gehoor te gee en hulp in daardie rigting te verleen.[1)]

ŉ Ander rede waarom ŉ privaat stelsel volgens Smuts nie voortgesit mag word nie, was die aanmoediging wat hy tot ondersteuning vir staatsonderwys op verskillende plekke gekry het nadat hy sy uiteensetting van die beginsels van openbare onderwys gegee het. Die gevolg van hierdie verklarings was dat byna elke C.N.O.-skool tot die staatstelsel oorgegaan het.

Om hierdie rede was daar geen grond vir ŉ tweetalige onderwysstelsel in Transvaal nie. Gevolglik is verwag dat elke burger moes streef om ŉ gelykvormige stelsel te verkry. ŉ Tweeledige stelsel was nog op geen gebied van die lewe ŉ sukses nie. So ŉ stelsel waar die kinders nie op dieselfde skoolbanke gesit het nie, kon geen volk opbou wat gelyk in oortuiging sou wees nie. Alleen waar dit wel die geval was, kon deur middel van die onderwys ŉ verenigde krag uitstraal en ŉ verenigde invloed uitgeoefen word.[2)]

Derdens, Smuts het ŉ beroep op die rede en matigheid van die twee bevolkingsgroepe gedoen. As beide partye daartoe geneë was, sou daar geen rede wees waarom daar nie ŉ stelsel van openbare onderwys kon wees wat aan elke regmatige verlange kon voldoen nie.[3)]

(ii) <u>Ouerseggenskap</u>:

Smuts het bevind dat as ŉ onderwysbeleid vasgelê word, die fundamentele grondslag van so ŉ wet sodanig moes wees dat die ouers daarin geken moes word, maar die stelsel moes onder goewermentskontrole staan. In die verband is in die konsepwet bepaal dat sonder die toestemming van die ouers geen skool geopen en geen onderwyser benoem sou word nie.

---

1. Debatten, Transvaalse Eerste Parlement 1907, 206.
2. Ibid.
3. Ibid., 207.

As die skool van die ouers uitgaan, kan hulle 'n skoolkomitee kies wat op sy beurt weer onder 'n groter liggaam, die skoolraad, sou ressorteer. Laasgenoemde sou weer aan die Departement van Onderwys verantwoordelik wees. Elk van die liggame sou hulle eie afgebakende funksies uitoefen. Die finansies sou deur die Regering bestee word en daarom moes hulle deur uitoefening van gesag toesien dat die skole op wettige wyse voortgaan en dat die gelde wat deur belasting gehef is, op die beste en oordeelkundige wyse bestee sou word. Dit was volgens Smuts die grondgedagte, dat, terwyl die inisiatief van die plaaslike kontrole afkomstig is, die finansies by die Regering moes berus.[1]

(iii) Kostelose Onderwys en Leerplig:

Met die oog op die omstandighede van die land sou die laer onderwys kosteloos wees. Smuts het die belangrikheid van die onderwys in Transvaal op die harte van die agbare lede gedruk en die dringende noodsaaklikheid beklemtoon dat alle onderwys deur al die kinders van die volk geniet sou word. Tred moes gehou word met alle nuwe toestande wat mag opduik, sodat Transvaal sy plek in die wêreld en in die ry van volke mag behou.[2] Nou verbonde aan dié beginsel was die vraagstuk van leerplig. Elke kind tussen sewe en veertien jaar sou skoolpligtig wees en moes enige openbare of private skool tot bevrediging van die skoolraad besoek. Elke leerling moes skoolonderwys geniet tot hy ten minste die vierde standerd deurloop het of totdat hy onderwys geniet het wat met die vierde standerd gelyk staan. Smuts het die eise vir leerplig nie hoog gestel nie. Dit was trouens sy doel dat dit later deur die goewerment merkbaar verhoog sou word.[3]

1. Debatten, Eerste Zitting, Eerste Parlement Tvl.1907,207.
2. Ibid., 208.
3. Ibid., 211. (Later is skoolplig tot die sesde jaar en vandag tot die vyfde jaar verlaag en die boonste grens tot vyftien en vandag sestien jaar of St. VIII verhoog).

(iv) Die Taalvraagstuk.

Nou verbonde aan die skoolpligtigheid was die beginsel van taal en medium van onderwys. Volgens Smuts was die „stipulations fair and that they would satisfy every section of the community".[1] Enkele beginsels het Smuts met betrekking tot die taalvraagstuk aangestip wat hy in sy poging aangewend het om die tweeledige karakter van die land ten volle te erken. Hy het die taalvraagstuk as aktueel beskou. Dit is bepaal dat elke kind eers Engels en daarna Hollands sou leer, tensy die ouers dit verbied. Vir Smuts was dit ongetwyfeld baie belangrik en onontbeerlik dat elke kind Hollands moes leer, maar sover dit hom betref en dit die Regering aangegaan het, sou hy niemand belet om Hollands te leer nie. 'n Voorstel soos vervat in die Wetsontwerp wat 'n mate van vryheid aan die volk gegee het, het beter kans gehad vir 'n suksesvolle uitkoms as 'n stelsel van dwang wat eenvoudig tot botsing en misverstand sou lei.[2]

Smuts wou deur sy stelsel al die kinders beide tale laat leer en die ouers dit ten minste nie verbied nie. Die tweede voorsiening wat hy as baie belangrik beskou het, was dat die onderwys in die moedertaal van die kind moes geskied. Elke kind moes van die begin af in Engels onderwys ontvang en geleidelik sou Engels as voertaal van die onderwys ingevoer word. Namate die kind in kennis toeneem, kan Engels geleidelik as middel van die onderwys aangewend word, sodat as die kind die derde standerd deurloop het, Engels die voertaal sou wees, behalwe in sekere vakke.[3]

(v) Godsdiensonderwys:

Net soos die taalvraagstuk was daar 'n ander brandende, „ook een stekelig onderwerp" vir Smuts, naamlik die godsdiensvraagstuk. Hy het Transvaal beskou as 'n Christelike

1. The Star - 8/6/'07.
2. Debatten, Eerste Zitting, Eerste Parlement Tvl.1907,212.
3. Ibid.

land. Nege-tiende van die bevolking was Christene en hulle wense was dat hulle kinders op 'n Christelike wyse opgevoed sou word. Dit moes deur die Regering en die wetgewing erken word. Die resultaat was dat die eenvoudige neutrale Christelike leer die grondslag van die godsdiensonderwys in die skole sou moes wees. Die konsepwet het bepaal dat die skool elke dag met gebed geopen en gesluit moes word. Sover moontlik moes die eerste halfuur van elke skooldag aan godsdiensonderrig en Bybelgeskiedenis gewy word. Dit het gemeen die eenvoudige voorlees van die Bybel sonder inbrenging van sektariese of dogmatiese onderrig.ˣ Indien dogmatiese onderrig verlang sou word, was die skool nie die aangewese plek daarvoor nie. In die geval kon die kerk en ander plekke waar die godsdiens in 'n dogmatiese gees kon geskied, daarvoor gebruik word. „Het ligt niet op de weg van de staat de meningen van welke sekte kerk of richting ook, in dit land te bevorderen".[1]

Smuts se mening was dat die Staat die algemene Christelike karakter van die bevolking wel kon erken en daaraan uitdrukking gee.[2]

'n Laaste voorsiening in die godsdiensklousule deur Smuts aangebring, was dat geen geestelike in die onderwys toegelaat word nie. Die hoofsaak in sy bedoeling was dat die onderwysstelsel nie deur die kerke beheer word nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat as een sekte eers eenmaal toegelaat sou wees om die skool te betree, aan ander ook die verlof gegee moes word. Dag na dag sou om verlof aangeklop word wat ten gevolge sou hê dat oneerbiedigheid vir godsdiens sou intree en geen godsdiensonderrig gegee sou word nie.[3]

Op hierdie algemene grondbeginsels het Smuts dan die konsepwet opgestel en dit so op die Selborne-onderwyswet

---

1. Debatten, Eerste Zitting, Eerste Parlement Tvl., 1907, 213.
2. Ibid.
3. Ibid., 214.

van 1905 gefundeer.[1]

5. Die Onderwyswet Nr. 25 van 1907.[2]

(a) Inleiding:

Na die indiening van die Konsepwet op 25 Junie 1907 het 'n breedvoerige debat plaasgevind en enkele wysigings van die sub-artikels is aangebring. Op 25 Julie van dieselfde jaar is die Wet met algemene stemme as Onderwyswet van 1907 aangeneem,[3] en het op 1 Oktober 1907 in werking getree.[4] Hierdie wet het Ordonnansie Nr. 7 van 1903 herroep.[5]

Daar het deurgaans van opposisiekant groot instemmigheid met Smuts oor die Wetsontwerp geheers. Die meeste teenkanting is van die lede van regeringskant ontvang.[6] So voor die wind het dit met die besprekings gegaan dat die Prokureur-Generaal op 30 September 1907 soos volg gerapporteer het: „The Bill received popular approval on its introduction and was subjected to little criticism from any section of the Legislature and such criticism was confined to points of detail".[7]

Die wet het bestaan uit 91 artikels wat in twaalf hoofstukke ingedeel is, elkeen waarvan een belangrike onderdeel van die onderwys behels het. Die hoofbeginsels in die wet vervat, was gratisonderwys in die laerskole, verpligte onderwys, nie-sektariese godsdiensonderwys, invoering van skoolbesture, onderwysmedium en 'n gesentraliseerde onderwysdepartement.

Die wet is onder die volgende hoofde ingedeel en het bepaal:

---

1. The Star, 27/3/'05.
2. Wetten van de Transvaal - 1907, 196-241.
3. Debatten, Eerste Parlement-Transvaal, Eerste Zitting 1907, 848.
4. Wetten van de Transvaal - 1907, Art. 91, 239.
5. Ibid., Art. 1, 197.
6. Debatten, Eerste Parl.-Tvl., Eerst Zitting 1907, 220.
7. Prime Minister's Office: Correspondence re Education Bill No. 18/10 - 1907.

(b) Hoofstuk I: Die Sentrale Behher van die Openbare Onderwys.

In die afdeling is die administratiewe masjinerie van die Onderwysdepartement met 'n Direkteur van Onderwys aan die hoof en onderhorig aan die Minister van Onderwys uiteengesit in artikels 3 - 6.

Die funksies van die Onderwysdepartement sou wees die uitoefening van beheer oor die onderwys en die uitvoering van die pligte wat volgens wet aan hom toevertrou is. Onder die Departement sou ressorteer laer, hoër, tegniese en industriële skole. Die funksies van die Minister van Onderwys (later Administrateur) is ook duidelik omskrywe, onder andere die oprigting en instandhouding van skole en koshuise, die subsidiëring van biblioteke, weeshuise en ander inrigtings vir onderwys; die verskaffing van vervoer en mediese dienste en die toekenning van studiebeurse waar nodig.

(c) Hoofstuk II: Die Onderwysraad.[1)]

In die begin is hierdie afdeling nie in die wetsontwerp opgeneem nie. As gevolg van die druk en agitasie van die kant van die opposisie is die bepaling bygevoeg. Die doel van die opposisie met die byvoeging was dat die posisie van die Minister van Onderwys of die Direkteur te alleenheersend sou wees en dat van die twee persone die hele stelsel sou afhang. In die verband het Smuts die volgelde aangehaal oor die grondigheid van die kritiek: „Nu legt men my voor, dat zowel de Direkteur van Onderwys, zo hy een heerszuchtig persoon is, of de Minister van Onderwys, zo deze heerszuchtig is, een alleenheerser zou kunnen zyn, en dan bestaat het gevaar dat het onderwyssisteem door een persoon beheerst zou worden".[2)]

1. In 1915 is die Onderwysraad deur die Uitvoerende Komitee vervang - Ordonnanties van die Prov. Tvl.1915, 8.
2. Debatten, Eerste Parlement Tvl., Eerste Zitting 1907, 215.

In antwoord op die vertoë tot Smuts gerig, het hy so 'n Onderwysraad in sy wetsontwerp ingevoeg.[1] Die samestelling en funksies van die Raad is vervat in arts. 7 - 15.

Die Raad van Onderwys sou bestaan uit die Direkteur of Sekretaris van Onderwys as voorsitter en vier lede deur die Goewerneur vir 'n tydperk van vier jaar benoem.[2]

Die eerste lede van die Raad was J.E. Adamson, Direkteur en voorsitter, Dr. N.M. Hoogenhout, Dr. F.V. Engelenburg, H.A. Robinson en T. Reunert.[3]

Die funksie van die Raad sou wees om die Minister van Onderwys te adviseer met betrekking tot begrotings van jaarlikse uitgawes; uitgawes wat nie deur regulasies gedek is nie; subsidies, aanstelling en ontslag van onderwysers, skoolgelde, die taalmediumvraagstuk en die opstelling van moontlike regulasies.

(d) <u>Hoofstuk III: Laer Onderwys vir Blanke Kinders</u>.

In arts. 16 - 22 is die laer onderwys omskryf. Art. 16, wat oor die oprigting en onderhoud van laerskole handel, het bepaal dat as die gemiddelde aantal leerlinge op die registers gedurende die hele jaar minstens 25 beloop, die administrasie 'n skool kon oprig. As vir 'n volle jaar die getal benede 25 gedaal het, sou die Direkteur met raadpleging van die skoolkomitee so 'n skool sluit.

Art. 17 het voorsiening gemaak dat ondersteunde plaasskole op aanbeveling van die skoolbestuur opgerig kon word as daar minstens 10 of meer kinders vir hierdie doel bymekaar gebring kon word. So 'n skool sou 'n jaarlikse hoofdelike toelae ontvang soos dit van tyd tot tyd deur die Minister bepaal sou word met betrekking tot elke kind van vyf jaar en daarbo. So 'n toelaag sou toegeken word met

---

1. Debatten, Eerste Parlement, Eerste Zitting 1907, 215.
2. Wetten van de Transvaal, 1907, 202.
3. Staatscourant 20/9/'07, 512.

dien verstande dat daar geen ander skool binne ses myl straal bestaan nie; dat daar 'n behoorlike klaslokaal is; dat die skoolkommissie 'n onderwyser van die distrik kon aanbeveel om deur die Departement goedgekeur te word; dat 'n gunstige rapport oor die onderwys van so 'n betrokke skool deur 'n Inspekteur van Onderwys uitgebring word.

Sodra die inskrywing van so 'n skool die 25-leerling-merk bereik het, kon die Direkteur gelas om dit tot 'n laer-skool te bevorder en onder die Onderwyswet te laat ressor-teer.

Art.18het die kostelose laer onderwys onder sekere voorwaardes omskryf. Vry laer onderwys is ingestel, behalwe in die geval van ondersteunde plaasskole waar skoolgeld gehef kon word. Bestaande laerskole sou tot vyf jaar na die inwerkingtreding van die wet die reg hê om skoolgelde te hef onderhewig aan die goedkeuring van die Minister.[1)]

Volgens art. 19 is verpligte skoolbesoek ingestel vir laer onderwys vir elke blanke kind wat sy sewende maar nog nie sy veertiende jaar nie bereik het. Verpligte onderwys was nie van toepassing op leerlinge wat na die oordeel van die skoolbestuur op 'n ander wyse doeltreffende onderrig ontvang het, wat meer as drie myl straal van die naaste skool gewoon het en wat geen fasiliteite van die Departement vir vervoer ontvang het nie. Die maatreël was ook nie van toepassing op kinders wat deur siekte of ander oorsake verhinder word, mits die skoolbestuur dit as 'n voldoende rede beskou; ook die wat 'n vaste werk besit het en standerd IV of 'n gelykwaardige kursus deurloop het, waarvoor 'n sertifikaat deur die inspekteur uitgereik is. Die Goewerneur kon van tyd tot tyd by wyse van 'n proklamasie in die staatskoerant die bepalinge van die skoolplig wysig deur die grense van die ouderdom te verander, mits die boonste grens nie onder veertien en die laagste nie onder sewe

---

1. Wetten van de Transvaal, 206.

sou wees nie. Die vrystellingstanderd kon bo die vierde standerd verhoog word.[1)]

By pligversuim van die ouers om die regulasies van verpligte skoolbesoek na te kom, is in artikels 20 - 22 sekere strafbepalinge, die plig van die skoolbestuur in sake die handhawing van verpligte skoolbesoek en die prosedure en getuienis by vervolging weens sulke oortredinge uiteengesit.[2)]

(e) Hoofstuk IV. Middelbare en Hoër Onderwys vir Blankes.

Daar is deur artikels 23 - 27 voorsiening gemaak vir die oprigting en instandhouding van middelbare skole, middelbare afdelings verbonde aan laerskole, ambag- of industriële en landbouskole, voortsettingsklasse en inrigtings of klasse vir die opleiding van onderwysers. By wyse van regulasies is sulke skoolgelde deur die Minister voorgeskryf, asook die wyse hoe dit deur die leerlinge wat sulke inrigtinge besoek, betaal moes word.[3)]

(f) Hoofstuk V: Skole, Klasse en Inrigtinge vir Kleurlinge.

In hierdie afdeling is in artikels 28 en 29 die instelling van skole, klasse, en inrigtings vir kleurlingkinders of kleurlinge bepaal. Kleurlinge het ongeveer dieselfde onderwysgeriewe as blankes ontvang. Geen ouderdomsgrense van verpligte skoolbesoek is egter gestel nie. Hulle onderwys was ook gratis en die skole het onder toesig van 'n blanke sendeling of van 'n persoon gestaan wat deur die Direkteur goedgekeur is. Geen kleurlingkind mag die skole van blankes besoek nie.[4)]

(g) Hoofstuk VI: Die Taalvraagstuk.

Die taalvraagstuk is deur artikels 30 - 33 omlyn. Die medium van onderwys in die laer standerds van enige open-

---

1. Wetten van de Transvaal - 1907, 208.
2. Ibid., 208-210.
3. Ibid., 210 - 211.
4. Ibid., 211 - 212.

bare skool sou die moedertaal van die leerlinge wees wie se moedertaal as medium gebruik sou word solank dit wenslik sou wees om 'n behoorlike vooruitgang of ontwikkeling van die onderwys te verseker. Waar Engels nie die moedertaal is nie, sou Engels geleidelik as medium van onderwys ingevoer word totdat dit na standerd III die uitsluitlike medium sou wees.

Die kennis van en vordering in die Engelse taal sou 'n voorwaarde wees vir die bevordering van die leerlinge in die skole. Daar sou voldoende voorsiening in elke skool gemaak word vir die onderwys in die Hollandse taal, tensy die ouers daarteen beswaar aanteken. Waar Hollands nie die moedertaal is nie, sou die onderwys van Hollands op so 'n tydstip begin wat deur die Direkteur op opvoedkundige gronde geskik beskou word. Ten einde 'n behoorlike onderrig van Hollands te verseker, sou met goedkeuring van die Direkteur op aanbeveling van die skoolbestuur hoogstens twee vakke na standerd III deur medium van die huistaal onderwys word. Waar die moedertaal nóg Engels nóg Hollands is, kon so 'n moedertaal op dieselfde voorwaarde as Hollands tot die derde standerd gebruik word. In geval van 'n geskil oor die voertaal, kon appél by die Minister van Onderwys aangeteken word.[1]

(h) <u>Hoofstuk VII: Godsdiensonderwys</u>.

Die bepalinge met betrekking tot godsdiensonderwys en die vrystelling daarvan is in art. 34 vervat.

Elke skooldag sou met die lees van 'n Skrifgedeelte en gebed begin. Behalwe as later anders bepaal word, sou onderrig in die Bybelse geskiedenis in Engels, Hollands of enige ander Europese taal gegee word, sover moontlik binne die eerste halfuur van elke skooldag. Hierdie bepalinge sou nie van toepassing wees op skole wat hoofsaaklik deur

1. Wetten van de Transvaal - 1907, 212-213.

kinders van nie-Christelike ouers besoek word nie. Indien so 'n skool ook deur kinders van Christelike ouers besoek word, sou voorsiening gemaak word op 'n skriftelike aanvraag vir die onderrig van Bybelse geskiedenis.

Geen leer of dogma van enige godsdiens of sekte sou in die openbare skole toegelaat word nie. Slegs onderwysers aan die skool verbonde, mog Bybelse geskiedenis gedurende skoolure gee. Geen onderwyser wat verantwoordelik was vir die algemene welsyn van 'n klas of afdeling van die skool sou toegelaat word op die personeel tensy hy bereid was om op nougesette wyse onderrig in Bybelse geskiedenis te gee nie, soos dit volgens art. 34 van die Onderwyswet uiteengesit is, behalwe as hy beswaar aan die Direkteur sou voorlê om sodanige onderrig te gee.

(i) Hoofstuk VIII: Private Skole.

In die begin het die Minister van Onderwys verklaar dat die Regering in beginsel teen staatsteun aan private skole was. Die Minister het verklaar: „Er is geen reden voor een tweeledig sisteem van Onderwys in dit land. Alles wel beschouwd, behoort het't streven van publieke personen in dit land te zyn om zoveel mogelik een gelykvormig sisteem te hebben".[1)]

In artikels 35-37 is sulke private skole ook sterk omlyn. Dit sou die plig wees van die eienaar of hoof van elke skool wat geen openbare skool was nie en waar tien of meer leerlinge op die register was om:

(a) die skool by die Departement te laat registreer;
(b) 'n register van die hoogs moontlike en werklike skoolbesoek aan te hou;
(c) 'n register aan te hou van die diensdoende onderwysers in so'n skool waarin hulle kwalifikasies aangetoon word.

1, Debatten, Eerste Parlement Tvl. Eerste Zitting 1907, 206.

Al die registers moes volgens regulasies bygehou word.

Dit sou die plig van elke sodanige eienaar of hoof van die skool wees om elke drie maande of so dikwels soos deur die Direkteur verlang, die nodige state oor personeel en skoolbesoek aan die Departement voor te lê.

Ingeval van versuim om sulke state in te stuur, sou by die eerste oortreding 'n boete van £10 of een maand gevangenisstraf opgelê word en by 'n tweede oortreding die boete tot £50 of drie maande gevangenisstraf verhoog word.

Die Direkteur of enige Inspekteur van Onderwys spesiaal daarvoor geoutoriseer, kon van tyd tot tyd so'n skool besoek. As dit sou blyk dat die skool bestuur word tot nadeel van die liggaamlike, geestelike of morele welsyn van die leerlinge, kan die Direkteur, as hy dit nodig vind, so'n skool deur 'n mediese inspekteur laat besoek. Indien so'n inspeksierapport negatief sou wees, kon die Minister gelas dat die skool onmiddellik gesluit word.

Private skole kon op versoek van die eienaars of hoof van die skool deur die Inspekteur van Onderwys geïnspekteer word en so'n rapport moes gratis aan die eienaar of hoof uitgereik word.

(j) <u>Hoofstuk IX: Plaaslike Besture van Skole</u>.

(i) Onder Afdeling A is Transvaal in ses-en-twintig skooldistrikte verdeel en in art. 38 is die uiteensetting van die verdeling gegee.

(ii) Afdeling B het die samestelling van die skoolbesture in artikels 39-56 omskryf. In elke distrik sou 'n skoolbestuur of skoolraad wees, bestaande uit ses, nege of twaalf lede soos dit deur die Goewerneur bepaal mag word.[1)]

Een-derde van die lede sou deur die Minister benoem word en twee-derde deur die kiesers gekies word.

---

1. (a) Staatscourant - 4/10/1907, 8;
   (b) Goewernementskennisgewing Nr. 1099 van 1907.

Artikel 41 het die kwalifikasies en diskwalifikasies van die lede bepaal: In die geval van lede van die skoolraad kon enige meerderjarige persoon, man of vrou, benoem of gekies word. Die kieskwalifikasies was dieselfde as die van die kiesers van die Wetgewende Vergadering.

'n Spesiale nominasiedag is deur die Minister uitgeskryf waarop persone vir lidmaatskap van die skoolraad genomineer kon word. So'n nominasie sou skriftelik geskied op 'n voorgeskrewe vorm, voorsien van die volle naam van die genomineerde en behoorlik geteken deur 'n gekwalifiseerde voorsteller en twee sekondante.[1)]

'n Maand na die nominasie is so'n stemming per geslote stembriefies gehou wat aan die kiesers van die distrik per pos gestuur is. Tesame met die bekendmaking van die gekose skoolraadslede is die datum aangeteken waarop die dienstyd aanvaar sou word. Die eerste gekose skoolraadslede se ampstyd het gestrek tot 30 Junie 1910 en die daaropvolgende skoolrade sou saamgestel word vir 'n periode van drie jaar.[2)]

By die bedanking of afsterwe van 'n lid moes die Minister dadelik van so'n vakature in kennis gestel word. So spoedig moontlik moes die orige lede dan 'n gekwalifiseerde persoon kies om die vakature te vul. Die Minister kon self so'n benoeming doen as hy dit verkies het.

In die eerste sitting van die gekose skoolraad moes 'n voorsitter en ondervoorsitter gekies word. So spoedig moontlik moes ook 'n sekretaris en tesourier benoem word, onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur. Die sekretaris kon egter ook die tesourierwerk behartig. As 'n gewone lid tot sekretaris benoem is, moes hy geen beloning ontvang nie behalwe 'n redelike vergoeding van reiskoste. Indien die sekretaris nie lid van die skoolraad was nie,

---

1. Goewermentskennisgewing Nr. 1100 en 1102 van 1907, en Schedule A van Kennisgewing No. 1102 van 1907.
2. Goewernementskennisgewing Nr. 1281 van 1907.

moes hy 'n vergoeding ontvang soos deur die Minister vasgestel.[1)]

Vergaderings moes ten minste een keer in twee maande gehou word met welke geleenthede volledige notule gehou moes word, waarin die Direkteur of 'n deur hom geoutoriseerde persoon te enige tyd insae kon kry.

(iii) Magte en Pligte van Besture.

Die magte en pligte van skoolrade is in artikels 57-63 omskryf. Die skoolrade is in beheer geplaas van alle openbare laerskole, laerskole met middelbare afdelings en hoërskole in die distrik, uitgesonderd die in Schedule III van die Onderwyswet genoem.

Die algemene magte en pligte van die skoolraad sou wees, behalwe die beheer oor bogenoemde skole en inrigtings, dat elke lid van die bestuur die reg sou hê om 'n skool, klas of inrigting te besoek, mits hy nie steurnis verwek nie. Die Direkteur is verplig om aan die skoolraad kopieë van inspeksierapporte oor hulle betrokke skole te stuur. Die raad kon by die Departement aanbevelings doen met betrekking tot enige saak vervat of voortspruitende uit sulke rapporte of enige saak wat skriftelik aan die bestuur voorgelê is. Voorts kon die raad die Departement adviseer in alle sake in verband met skole of skoolgeriewe in die distrik. Geen verandering sou aangebring word in die opening of sluiting van skole of in skoolgeriewe in enige distrik andersins as op aanbeveling van die Raad van son distrik nie. Verder sou hulle toesig hou oor skole en inrigtings, vakante poste in enige openbare skool wat onder hulle ressorteer, behandel en aanbevelings aan die Direkteure doen. Die lede van die Raad moes hulle ampspligte vervul soos van tyd tot tyd deur die Departement aan hulle opgedra met betrekking tot die oprig en aankoop of huur van

1. Goewernementskennisgewing Nr. 1325 van 1907.

skoolgeboue, onderwyserswonings, koshuise vir leerlinge of ander eiendomme wat aan s'n skool behoort en ook die ver kryging van bouterrein.

Die Raad sou ook ooreenkomstig die regulasies enige fondse wat aan hom toegewys word uit die openbare inkomste van die kolonie administreer vir doeleindes soos: reparasies of veranderinge aan skoolgeboue of eiendomme; skoolmeubels en uitrusting, studiebeurse en lone aan skoolbeamptes.

Die bestuur of skoolraad sou voorts sake wat deur skoolkommissies en beherende liggame aan hulle voorgelê is in oorweging neem en aanbevelings daaromtrent aan die Direkteur doen.

Daar moes deur die Raad gereeld verslae en statistieke opgestel word en sulke registers en rekeninge gehou word soos deur die regulasies voorgeskryf is en dit moes van tyd tot tyd, soos dit deur die Departement vereis, aangestuur word. So spoedig moontlik moes die Raad vir die Departement aan die einde van elke finansiële jaar 'n balansstaat opstel waarin aangetoon moes word die ontvangste en uitgawes van enige gelde wat aan hom toegeken is en ook 'n balansstaat van ander gelde wat deur hom vir onderwysdoeleindes ontvang is.

(iv) Skoolkommissies:

Artikels 66-72 het voorsiening gemaak vir die samestelling, magte en pligte van skoolkommissies.

Art. 66 het bepaal dat alle terme in Wet Nr. 7 van 1903, wat op skoolkommissies betrekking het, van krag sou bly tot 30 Junie 1908. Vanaf die datum sou skoolkommissies saamgestel word volgens artikels 67-72.

Vir elke openbare laerskool sou 'n skoolkommissie van vyf tot sewe lede deur die betrokke ouers van die skoolgaande kinders gekies word. Die verkiesing van 'n kommissie sou plaasvind onder die leiding van die skoolraad van

die distrik wat verslaggewende amptenare sou aanstel, nominasies vra en teken, soos in die geval van skoolrade. In 'n openbare vergadering sou die stemming per geslote stembriefies geskied. Die benoeming van 'n voorsitter en sekretaris en die prosedure van vergaderings soos in die geval van skoolrade sou mutatis mutandis van toepassing wees op kommissies, behalwe dat 'n sekretaris geen salaris sou ontvang nie.

Die magte en pligte van 'n kommissie het ingesluit die toesig oor skoolgeboue en skooleiendomme, 'n wakende oog hou oor die belange van die skool, 'n aandeel hê in die aanstelling of skorsing van onderwysers en verder sulke pligte soos die skoolraad aan die kommissie sou opdra. Alle mededelinge van 'n kommissie oor skoolsake moes aan die skoolraad gerig word en nie direk aan die Departement nie.

(v) Beherende Liggame.

Art. 73 het voorsiening gemaak vir die vestiging deur die Minister van besturende of beherende liggame van hoërskole wat nie onder skoolkommissies sou staan nie, met magte en pligte soos van tyd tot tyd vasgestel sou word.

(k) Hoofstuk X: Onderwyspersoneel.

Volgens art. 74 sou die Departement van Onderwys beheer uitoefen oor onderwysers van openbare laerskole, ondersteunde laerskole, laerskole met middelbare afdelings, hoërskole en onderwyserskolleges. Die Minister kon van tyd tot tyd voorskryf dat sulke voorwaardes en bepalinge op sulke onderwysers wat in diens geneem word mutatis mutandis van toepassing sou wees op alle of enige ander onderwyser wat aan enige ander skool, klas of inrigting verbonde is wat deur die Departement opgerig of ondersteun word. Alle onderwysers moes sertifikate of lisensies besit wat deur die Departement uitgereik is wat hulle magtig om onderwys te gee.[1]

1. Wetten van de Transvaal 1907, Art. 75, 233.

Elke onderwyser wat op 'n bevredigende wyse 'n proeftyd volgens regulasies deurloop het, kon aansoek doen by die Departement om tot die vaste personeel toegelaat te word. Daarop sou 'n kontrak van diens tussen die twee partye aangegaan word wat vir elke party bindend sou wees.

Die rang van elke pos in 'n skool, klas of inrigting sou wees soos van tyd tot tyd deur die Direkteur voorgeskryf. Die vereiste kwalifikasies en die salaris verbonde aan enige pos sou wees soos in die diensvoorwaardes bepaal.[1)]

Vakatures op skole sou in die offisiële gazette gepubliseer word en die skoolraad sou in oorleg met die skoolkommissie en sover moontlik ooreenkomstig laasgenoemde se aanbeveling een of meer applikante vir aanstelling by die Direkteur annbeveel. Indien laasgenoemde sou weier om die aanbevole kandidaat aan te stel, moes hy die geval na die Minister verwys.[2)]

By die ontstaan van 'n permanente of tydelike vakature aan 'n skool kon die Direkteur die pos tydelik vul, met dien verstande dat so'n pos nie langer as een termyn gevul sou word nie, tensy met toestemming van die skoolraad wat op aanbeveling van die kommissie of beherende liggaam sou handel.[3)]

'n Onderwyser kon deur die skoolkommissie, -raad of beherende liggaam tydelik geskors word deur intrekking van sy salaris op 'n skriftelike aanklag deur 'n inspekteur of twee ander persone waarin hy van onsedelikheid of herhaalde dronkenskap beskuldig word.[4)]

Enige skoolraad kon op skriftelike aanklag van 'n skoolkommissie of beherende liggaam die ontslag van 'n onderwyser

1. Wetten van de Transvaal, 1907, Art. ~~77~~, 233.
2. Ibid., Art. 78, 234.
3. Ibid., Art. 79, 234.
4. Ibid., Art. 80, 234.

by die Direkteur aanbeveel as hy hom aan wangedrag skuldig gemaak het. Indien die Direkteur so'n ontslag sou weier, moes hy die geval aan die Minister rapporteer.[1)]

Die diens van enige onderwyser onder kontrak met die Departement sou vir pensioendoeleindes gereken word.[2)]

Die aanstelling, diensvoorwaardes en bepalinge met betrekking tot skorsing en ontslag van onderwysers aan ondersteunde plaasskole verbonde, sou wees soos dit volgens regulasies bepaal is.[3)]

(l) Hoofstuk XI: Finansiële Reëling.

Alle uitgawes benodig vir die oprigting of instandhouding van die Departement van Onderwys, skole, klasse of inrigtinge ooreenkomstig die wet; alle geldelike tegemoetkoming, studiebeurse, salarisse van amptenare van die Departement en onderwysers van bogenoemde inrigtinge sou uit die landkas bestry word.[4)]

Behalwe die gelde deur privaat skole geïn, sou alle gevorderde skoolgelde van openbare skole wat onder die Departement ooreenkomstig die Onderwyswet geressorteer het, in die skatkis gestort word.[5)]

(m) Hoofstuk XII: Algemeen.

In hierdie laaste afdeling is sake van algemene belang behandel.

Enige plaaslike outoriteit kon van tyd tot tyd uit sy inkomste skenkinge in die vorm van geld, grond of ander gifte bemaak ter ondersteuning van enige skool, klas of inrigting of hy kon studiebeurse toeken ten einde ouers in die opvoeding van hulle kinders in sulke skole, klasse of inrigtinge te ondersteun.[6)]

---

1. Wetten van de Transvaal, 1907, Art. 81, 235.
2. Ibid., Art. 83, 235.
3. Ibid., Art. 86, 236.
4. Wetten van de Transvaal 1907, Art. 85, 235.
5. Ibid., Art. 86, 236.
6. Ibid., Art. 88, 237.

Kragtens die wet was die Minister by magte om deur die Arbitrasiehof eiendomme of grond te onteien of te reserveer ter oprigting of uitbreiding van 'n skool of inrigting of gebou vir onderwysdoeleindes.[1]

Volgens art. 88(2) sou in die vervolg by die uitlê van nuwe dorpsgronde voorsiening gemaak word vir terrein vir onderwysdoeleindes.

Artikels 89-90 het voorsiening gemaak vir die verandering of verbetering van enige deel van die wet en vir verdere aanvulling of uitbreiding van die onderwysregulasies wat nie in stryd met die Onderwyswet sou wees nie.[2]

Die Minister kon van tyd regulasies wysig of herroep, byvoorbeeld met betrekking tot die pligte van die Direkteur, inspekteur of ander amptenare van die Departement; voorwaardes van aanstelling en die diensvoorwaardes van onderwysers; voorwaardes van studiebeurse; skoolplig en leervakke, kadetopleiding, tarief van skoolgelde kragtens die wet, feesdae, eksamens, nominasies en aard van stemming by enige verkiesing van skoolrade, beherende liggame en skoolkommissies;[3] die samestelling, magte en pligte van skoolbesture; die aard van administrasie van fondse deur skoolrade; verslae, statistieke en registers deur besture gehou, asook die opstelling van rapporte aan die Departement.[4]

Volgens art. 91 het die hele Onderwyswet op 1 Oktober 1907 in werking getree behalwe die bepalinge oor die Onderwysraad wat al van 26 Augustus 1907 dienstyd aanvaar het.[5]

## 6. Kritiese Beskouing.

### (a) Die Selborne-onderwyswet van 1905 as Voorloper van die Smuts-onderwyswet van 1907.

In die samestelling van die Selborne-onderwyswet het

---

1. Wetten van de Transvaal, 1907, Art. 88, 237.
2. Gouvernementskennisgewing No. 1126 van 1907.
3. Gouvernementskennisgewing No. 1102 en 1230 van 1907.
4. Wetten van de Transvaal 1907, Art. 90, 237-238.
5. Ibid., 239.

die hoofkomitee van „Het Volk"-Party 'n belangrike bydrae tot die ontstaan van sy memorandum gelewer. Smuts het daarop aanspraak gemaak dat met enkele uitsonderings die beginsels wat in die Selborne-onderwyswet beliggaam is, in werklikheid deur hom en party van sy kollegas opgestel is.[1)]

Uit die brief van Selborne is dit duidelik dat hy die voorstelle van „Het Volk "komitee aangeneem het.[2)]

Hierdie onderhandelings van die goewerneur met „Het Volk" het dan ook vir Selborne as leidraad by die samestelling van die memorandum gedien. E.G. Malherbe het gemeen dat die rondreise van Selborne by verskeie skole die memorandum tot gevolg gehad het. Selborne wou oor eerstehandse kennis van onderwystoestande in Transvaal beskik. Daarom het hy baie moeite gedoen om die verskillende dele van Transvaal te besoek om uit te vind hoe dit met skoolaangeleenthede gesteld was.[3)]

Waar die Sargant-wet van 1903 op suiwer Britse lees geskoei was en van die owerheid afkomstig, het die Selborne-wet van 1905 meer uit die tydsomstandighede ontwikkel.

Die Goewerneur wou nie die samewerking van „Het Volk" verbeur nie, want hy wou graag die memorandum so opgestel kry dat dit baie aanneemlik vir die C.N.O. sou wees om hulle op die wyse onder die staatstelsel in te skakel.[4)]

Aan die ander kant het hy onder die druk gestaan van die Engelse pers wat daarop aangedring het „to maintain British supremacy".[4)] Die „South African News" se kommentaar op die onderhandelinge met „Het Volk"komitee was dat alle weldenkende persone, afgesien van partypolitiek, Selborne in sy pogings sou steun om opvoedkundige vrede in Transvaal te bevestig en om die kinders van beide rasse in die-

---

1. (a) The Star, 15/2/'07;
   (b) The Transvaal Leader 11/2/'07.
2. Malherbe: Education in South Africa, 325.
3. Opmerkingen zyn Ekselentie de Gouverneur Lord Selborne omtrent Onderwys.
4. The South African News, 17/11/'05.

selfde skole bymekaar te bring.[1)]

In die gees het Selborne dan ook sy memorandum opgestel om een staatstelsel vir al die skole, C.N.O. inkluis, te verkry en so rassesamestelling te verseker.

Hierdie memorandum was ongetwyfeld die voorloper van die Smutswet in Transvaal. Die stryd om ouerseggenskap deur middel van skoolkommissies en -rade was hiermee 'n voldonge feit. Ook die beginsel van moedertaalmedium by die aanvangsonderwys is deur Selborne erken. Totdat die Selborne-wet aan die einde van 1905 in werking getree het, was die Britse skoolwese oorheersend in Transvaal. Vanaf die datum het die Afrikaanse invloed stadig begin veld wen en is 'n nuwe tydperk in die opvoeding en onderwys in Transvaal ingelui. Hoewel daar drastiese veranderinge in die onderwys ingetree het en die Afrikaanse element in 'n mate tegemoet gekom het, was die memorandum van beide kante van die volk aan 'n skerp kritiek onderhewig.

(b) <u>Die Openbare Mening oor die Selborne-wet.</u>

Die Afrikaanssprekendes was glad nie met die wetgewing tevrede nie, omdat Hollands nog 'n minderwaardige posisie in die onderwys moes beklee. Op die noodsaaklikheid vir beter onderwysvoorregte en geleentheid vir die Hollandse taal in die skole is aangedring. As aan die versoek voldoen sou word, sou daar vrede, vreugde, voorspoed en verbroedering intree.[2)]

De Volkstem was weer op sy beurt verheug omdat plaaslike beheer beloof is, maar die blad was diep teleurgesteld omdat daar nie meer voorregte aan die taal van die oorgrote meerderheid van die bevolking geskenk is nie.[3)]

Selborne het deur sy wetgewing getoon dat hy presies in die voetspore van sy voorgangers gevolg het omdat hy ook

---

1. The South African News, 17/11/'05.
2. Het Christelyke Schoolblad, 1/12/'05 en 1/5/'06.
3. De Volkstem - 18/11/'05.

deur sy imperialistiese idealisme standpunt teenoor die Boerejeug ingeneem het om hulle so gou moontlik te denasionaliseer. Dieselfde beleid wat Milner gevolg het, is hier voortgesit, naamlik dat Hollands alleen gebruik sou word om Engels te leer „and English to teach everything else".[1)]

Die Engelse pers in Transvaal was in sy kritiek verdeeld: „The Transvaal Leader" het die Regering daarop gewys dat die bestaande goewerment nie vervang moes word nie, want 'n verandering „may strike a fatal blow at the efficiency of the system... and we hold very strongly that to hand over the control of the schools to local committees violates many great principles".[2)]

„The Star" het ook skerp kritiserend teenoor Selborne opgetree. Die blad het sy verontwaardiging uitgespreek omdat na so'n kort ampstyd die Goewerneur so'n maatreël kon uitvoer sonder raadpleging van enige verteenwoordiger van die Britse bevolking. Aan die ander kant was die blad egter baie in sy skik oor die toegewing aan Hollands: „that the 'Taal' should only be used within these narrow lines".[3)]

Die „Mail" wat glad nie ten gunste van enige toegewing aan plaaslike liggame was nie, het beweer dat Selborne vir die hoofkommissie gehensop het,[4)] terwyl die „Pretoria News" hoogsvoldaan was dat Selborne per slot van sake nie veel toegegee het nie en dat alles nog veilig was.[5)] Die „Transvaal Leader" het hiervan soos volg gesê: „Lord Selborne's recent minute was as conciliatory and as generous as any one could wish and met with the approval of most of the leading Dutchmen".[6)]

Selborne se regulasies van adviserende skoolrade en

1. The Milner Papers, II, 243.
2. The Transvaal Leader, 15/11/'05 - Art.: „Grave Issues".
3. The Star, 17/11/'05.
4. The Mail, 18/11/'05, en De Volkstem, 25/11/'05.
5. De Volkstem, 25/11/'05.
6. The Transvaal Leader, 30/3/'06.

skoolkommissies het die basis gevorm vir hierdie liggame in latere jare en selfs in die Smutswet is hulle byna onveranderd oorgeneem om nog baie jare in Transvaal van krag te wees.[1)]

Hoewel die Transvaalse Skoolradewet in baie opsigte ooreenkom met die Skoolradewet van die Kaap,[2)] was daar ook aanmerklike verskille, byvoorbeeld in die aanstelling, magte pligte en benoeming van onderwysers en van de Rade.[3)] In die verband het die „South African News" die volgende kommentaar gelewer: „As regards the appointment of teachers, the regulations are indentical with those in die Cape Colony and appear to us satisfactory...the only difference is that the elected members of the School Boards are elected by the Committees instead of by the ratepayers as here".[4)]

Die onderwyser kon Hollands gebruik as die kind dit verstaan het en nie Engels nie. Die Raad kon voorstelle aan die Departement doen om werklike onderrig in beide tale te verseker. „In this respect we should have preferred absolute freedom such as we enjoy in the Cape Colony where it has never been misused"..[5)]

Nie alleen konkrete voorbeelde het Smuts se Onderwyswet beïnvloed nie, maar suggesties het noodwendig ook by die formulering van die Onderwyswet van 1907 op hom invloed uitgeoefen.

(c) <u>Suggesties wat noodwendig die Samestelling van die Smutswet beïnvloed het.</u>

Tydens die V.V.O.O.Z.A. se jaarvergadering van 1905 het die voorsitter in sy openingsrede taamlik skepties gestaan teenoor die onderhandelinge van die hoofkomitee van „Het Volk" met die Regering oor 'n onderwysbeleid. Algemene kommer het onder die onderwysmanne ontstaan dat die

---

1. De Wetten van de Transvaal 1907, Arts. 38-73.
2. Lt. Gov. 119/114.
3. De Kaapse Onderwyswet van 1902, Arts. 3-14.
4. The South African News, 7/2/'06.
5. Ibid.

hoofkomitee in sy onderhandelinge met die Regering geneig sou wees om die C.N.O.-beginsels prys te gee. Die voorsitter het die volgende mening uitgespreek: „We hopen niet, en geloven niet, dat onze Voormannen een kompromis zullen sluiten als in de Oranje Rivier Kolonie en ons ook zoo zullen overleven als daar. Wy achten elke onderhandeling met de Regering onder de tegenwoordige vorm een verlies".[1)]

Op hierdie kongres het die V.V.O.O.Z.A. die handhawing van die C.N.O.-skole as 'n permanente stelsel beskou. Hierin is die „Vereeniging" kragtig deur die Gereformeerde Kerk gesteun wat hom vir vrye Christelike skole met staatsteun beywer het.[2)]

Aan die ander kant het die hoofkomitee van „Het Volk" en die kerkleiers van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk die oprigting van die C.N.O.-skole slegs as 'n tydelike maatreël beskou om die C.N.O.-beginsels uit te voer. Sodra die Regering hierdie beginsels sou erken, kon die skole na die staatstelsel oorgeplaas word.[3)]

Die hoofkomitee en die N.G. Kerk het derhalwe met die Britse owerheid ooreengestem dat daar net een stelsel vir albei rasse moes wees.

Selfs die C.N.O.-voorstanders het onderling van mening verskil. Sommige het hulle vir taalgelykheid tussen Hollands en Engels beywer: „De kinderen zullen Hollandsch en Engelsch leeren, door middel van de taal hun het meest bekend, hetsy de taal Hollandsch is of Engelsch", maar hulle moes beide tale ewe grondig leer.[4)] Ander het weer Hollands as die hooftaal in die C.N.O.-skole gepropageer. Die onderwys is die saak van die ouers en nie van die staat nie,

1. Het Christelyk Schoolblad, 1/8/'05.
2. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys, 32-38.
3. Symington: Onderwys in Tvl. gedurende Kroonkolonieperiode, 316.
4. De Vereeniging, 12/8/'03.

nie-sektaries nie, maar moet wel in 'n Christelike gees geskied.[1] Smuts het die verskil van mening en opvatting oor die onderwys onder die Afrikaanssprekendes deeglik besef. Met sy idee van volkseenheid wou hy 'n nasionale onderwysstelsel skep wat bevrediging aan alle dele van die bevolking sou gee.[2]

Die begrip van rassesamevoeging in skole was die algemeen-daaglikse propaganda in 1905. Die Engelse pers het groot verwagtings van Selborne gekoester om deur middel van die onderwys volkseenheid te verwesenlik.[3] Die idee is ook deur „Het Volk" gepropageer en Smuts het die beleid onomwonde as sy beleid neergelê: „The one way to keep apart the two peoples who are destined to dwell together in this land, was to educate them in separate and distinct schools and the one way to bring them together in that unity in which alone all racial animosities should disappear and which alone would bring about the country's true welfare, was to put them side by side in their impressionable school days".[4]

Met die tweede V.V.O.O.Z.A.-kongres in Maart 1906 het die hoofkomitee van die C.N.O. in die sterkste bewoording hulle afkeuring aan die Regering te kenne gegee omdat die regte van die ouers en die ou gebruike veronagsaam is en omdat dit aanleiding tot groot bitterheid en wrywing sou gee.[5]

Hierop het die Luitenant-Goewerneur geantwoord dat die Regering nie van plan is om van die beleid af te wyk nie, naamlik, dat enige skool wat deur die Regering gesubsidieer sou word, die goewermentsleerplanne moes volg en hom aan hulle inspeksies onderwerp.[6] Hierdie verklaring het

---

1. De Vereeniging, 12/8/'03.
2. Debatten, Eerste Parlement, Eerste Zitting, 1907, 206.
3. The South African News, 17/11/'05.
4. (a) T.E.D. Report, 1906-'07, 2;
   (b) De Volkstem, 3/4/'07.
5. The Transvaal Leader - 24/3/'06.
6. Lt. Gov. of the Transvaal, 132: 114/8 - Lt. Gov. aan H. Visscher 28/4/'06.

Smuts se rasse-eenheid 'n groot stoot vooruit gegee. Dit het Smuts ondersteun in die opstelling van die klousule wat oor onderwysers gehandel het. In verband met die reg van skoolkommissies in die aanstelling van onderwysers het die Luitenant-Goewerneur die onderwysmanne met die opening van die Wetgewende Vergadering op 55 Mei 1906 duidelik laat verstaan dat „it is not the intention of the government to depart in any way from the principle that the Central Government which provides the whole cost of elementary education should retain complete administrative control" en in besonder dat die onderwysers deur die Direkteur van Onderwys aangestel en ontslaan sou word en dat hulle direk aan hom verantwoordelikheid verskuldig is.[1]

Smuts het openlik met sy onderwysbeleid voor die dag gekom as gevolg van „Het Volk"-party se program van beginsels oor die onderwys (wat groot ooreenkoms met die Selborne-onderwyswet van 1905 vertoon het,) tesame met die verklaring van die Luitenant-Goewerneur en gerugsteun deur die meerderheid van sy party in die Wetgewende Vergadering, asook as gevolg van die steun van die Ned. Herv. of Ger. Kerk wat die grootste gedeelte van die bevolking verteenwoordig het.[2]

Die Engelse owerheid in Transvaal het hom ook net so geïmponeer in sy nuut-ingeslane weg in verband met die onderwys. Van Engelse sy is daar skynbaar nie gedink aan 'n alternatief as staatsonderwys nie. Verskeie hooggeplaaste amptenare het begin paniekerig word dat die nuwe Regering miskien wel 'n onderwysbeleid sou volg en wat aan plaaslike liggame sou gevra het om by wyse van belasting tot die koste van onderwys by te dra.[3]

1. Debates Legislative Council of the Transvaal, 1906, 5; Cd. 3028 - 1906, 105.
2. Vgl. sy Boksburgse toespraak : The Star, 27-3-1907.
3. Selborne Minute, Bylaag D.

Teen alle koste moes hierdie gebeurlikheid verhoed word Adamson het reeds in sy jaarverslag van 1905-'06 daarteen gewaarsku. In die verslag het hy wenke in verband met die status van die onderwyser, ouerseggenskap, gratis en verpligte onderwys en die belangrikheid van Engels beklemtoon. Hierdie rapport het Smuts deeglik bestudeer.[1)] Selfs Duncan, die Sekretaris van Onderwys, het by die 1905-'06 verslag 'n „Prefatory Minute" gevoeg wat as 'n politieke testament beskou kon word en bestemd is om vir diegene wat eerlang die nuwe onderwysbeleid sou saamstel, tot oorweging te dien.[2)]

Duncan het dit beklemtoon dat dit dwaasheid sou wees as plaaslike besture meer mag sou kry en dit sou verstandig wees as met die staatstelsel aangegaan kon word. Hy het dit wenslik geag om breedvoerig sekere beleidsake aan te roer wat die onmiddellike toekoms sou raak in verband met laerskole en die verband daarmee met die Sentrale Regering en plaaslike besture.

„My intention is to indicate the lines on which these questions have been dealt with by the present administration, so that their successors...may have before them an accurate appreciation of the policy of their predecessors in regard thereto."[3)] Die gesentraliseerde stelsel is geskets en die ontstaan en ontwikkeling van skoolkommissies en skoolrade is saaklik uiteengesit. Hy het dit somaar vanselfsprekend aanvaar „that the policy of free primary education will be retained in the Colony" en dat C.N.O. „could only be regarded as a retrograde step".[4)]

Na so 'n rasse-oorlog, het Duncan vervolg, moes daar eers gras oor groei voordat rsssegevoelens en agterdog verdwyn. Ongelukkig word sulke gevoelens deur onderwys opge-

1. Report Dir. of Educ. Tvl. 1905-'06, 117.
2. De Volkstem - 5/13/'06.
3. Report Dir. of Education. Tvl. 1905-'06, 1.
4. Ibid., 2.

wek. Daarom moes die onderwyshoofde sulke stappe doen dat laer onderwys nie sulke invloede in die hand kon werk nie, veral by die aanstelling van onderwysers.[1]

Geen subsidies moes toegestaan word nie, want so 'n toekenning sou volgens sy mening noodlottig vir die onderwyssaak in die kolonie wees.[2] Teen plaaslike liggame het hy ook gewaarsku omdat hulle meer seggenskap sou kry, terwyl die Regering die grootste deel van die geldelike laste moes dra: „The present system of primary education is broad enough and sympathetic enough to satisfy all whose judgment is not ruled by political or racial distrust".[3] Hierop het hy aangevoer dat as die volk van Suid-Afrika nog nie die les geleer het dat dit foutief is om 'n nasionale sentiment te koester waarin beide rasse nie kon saambou nie, hulle tevergeefs gely het.[4]

Sy voorlaaste wenk was dat met die memorandum bedoel is om sekere oorwegings te suggereer vir die nuwe onderwysbeleid van die toekoms. Sy slotvoorskrif was dat dit van die uiterste belang is dat daar een stelsel van openbare laer onderwys in die kolonie moes wees, „but to maintain from public funds a government system differing in its code of instruction and its principles of management from the State Schools, and owing its separate existence to political dissension, will be to perpetuate disunion and to cripple educational efficiency from the beginning".[5]

Elk van die voorskrifte is in die Smutswet van 1907 uitgekristalliseer en wat aantoon dat die resep en politieke testament tot die fynste besonderhede en noukeurigheid nagevolg is.

(d) <u>Hoe Smuts se Konsepwet in die Openbaar ontvang is.</u>

Met die C.N.O. kongres van 10 April 1907 het Smuts sy

1. Report Dir. of Education. Tvl. 1905-'06, 4.
2. Ibid., 5.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid., 6.

Boksburgse toespraak[1] herhaal in verband met sy voorgenome wetgewing. Sy opvatting was dat die C.N.O.-skole voortaan in die een groot staatstelsel moes opgaan. As gevolg van die finansiële ruïnering van die land wou hy gratis onderwys invoer en hy het aangevoer dat die C.N.O.-skole nie as aparte stelsel kon bestaan nie en dat alle laer onderwys verpligtend sou wees. Geen subsidiestelsel aan enige private skool het sy goedkeuring weggedra nie. Hy sou voorts toesien dat die gelede onreg van Hollands as voertaal in die skole herstel word.[2]

Smuts het dus aan die kongres net die doodstyding van die C.N.O. gaan aankondig. Die Afrikaanssprekendes het staatsondersteunde skole begeer, 'n subsidie van die Regering om die C.N.O.-skole te onderhou en het geen gratis onderwys voorgestaan nie. Hy moes sy stelsel in die beste voeë lê en sy party so imponeer om hulle heelhartige steun te kry in die deurvoering van sy program.

Na die aankondiging van Smuts aan die kongresgangers het ds. P. Postma, onder die vaste oortuiging dat die C.N.O. se einde aangebreek het, daarop aangedring dat die agenda van die kongres verander moes word sodat tot die bespreking van die ontbinding van die C.N.O. oorgegaan word.[3] Standvastig het die C.N.O.-manne aan hulle beleid vasgeklem en besluit dat voortgegaan sou word op die ingeslane weg van onderwys en dat by die Regering aangedring moes word om die beginsel van hulp in die vorm van subsisie aan onafhanklike skole aan te neem.[4]

By monde van „Het Christelyk Schoolblad" het die C.N.O.-beweging sy leed uitgespreek dat die Regering nie van voorneme is om die bestaande C.N.O.-skole te steun nie en dat

---

1. The Star, 27/3/'07.
2. Ibid., 11/4/'07 en De Volkstem, 13/4/'07.
3. Het Christelyk Schoolblad 1/5/'07.
4. The Star 11/4/'07.

ondersteunde skole deur 'n staatstelsel vervang sou word.[1]

Vir die opposisie van die Afrikaanssprekendes en die C.N.O.-beweging was die aankondiging van Smuts 'n dankbare oplossing en 'n oorwinning van die Britse onderwysbeleid. Vir die Afrikaanssprekendes was dit 'n skok, 'n rou en 'n droewe teleurstelling.[2]

Die Engelse pers en veral „The Transvaal Leader" het Smuts gefelisteer met sy ingeslane houding teenoor C.N.O. en die oortuigende wyse waarop hy hom teenoor die teenstrydige menings van die kongresgangers verdedig het.[3]

Op die kongres van „Het Volk" van 8 Junie 1907 het hy ook sy beleidverklaring gedoen. Rassesamevloeiing en versoening was sy slagspreuk waarmee hy die kongresgangers probeer imponeer het.[4]

„The Star" het onomwonde verklaar dat Smuts die ingewikkeldste klousule verduidelik het wat so 'n moderne Engelse wetgewing in die onderwys kon oplewer. Sy voorgestelde wetgewing het presies dieselfde gronde gedek as wat die onderwyswet van Selborne beliggaam het. Ook die inhoud van sy toesprake oor onderwys het presies dieselfde gees as die Selborne-wet van 1905 vertolk:„There is nothing in it, so far as we can see, which is startling or revolutionary. It is essential a natiohal Education Bill and not a party measure".

Die blad het verder die hoop uitgespreek dat Smuts geen teenstand met die wet sou ondervind nie.[5]

Hier het sy holistiese gedagte met sy staatkunde saamgevloei deur 'n eenheid van die volk van Suid-Afrika binne die Britse Ryk te laat ontwikkel. Om hieraan te voldoen, moes die Britse onderwysbeleid en ideale noodwendig aange-

1. Het Christelyk Schoolblad 1/5/'07.
2. V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek: Art. 10, Klooster, 31.
3. The Transvaal Leader, 12/4/'07.
4. De Volkstem, 12/6/'07.
5. The Star, 10/6/'07.

wend word ter bevordering van die groot lewenstaak, anders sou die Afrikanerelement steeds losser en verder van die Britse element wegdryf.[1] Om hieraan te voldoen, het hy in sy rede voor die kongres beklemtoon dat „aan onze kinderen wensen we te leeren: rassen-versoening en de opbouwing van een groot nasie, en dit is hoofdzakelik wat er nagestreefd wordt in het konsept".[2]

The Star het in verband met die kongrestoespraak 'n duidelike stukkie waarheid die lig laat sien wat 'n duidelike beeld van die staatkunde en onderwysbeleid van Smuts voor die dag laat kom het. Die gemelde blad het verklaar dat die Koloniale Sekretaris met die grootste gedeelte van sy toespraak, wat op die onderwys betrekking gehad het, apologeties voor „Het Volk" opgetree het. Smuts het erken dat baie van die voorstelle wat op laerskole betrekking het, sy party noodwendig sou skeur, „and therefore he has inserted certain sections designed as sops for the rural Cerberus".[3]

N.J. de Wet en P.G.W. Grobler het die maatreël van Smuts heftig bestry. Hulle groot pleitrede was vir subsidie vir onafhanklike skole om daardeur C.N.O. te bly behou.[4] Op konsekwente wyse het die Minister van Onderwys hom eenvoudig op art. 6 van die konstitusie van „Het Volk"-party beroep, nadat verskeie lede nog verder op taalgelykheid, ouerseggenskap en dogma op skole aangedring het.[5]

Die teenkanting en smeekredes van baie kongreslede het op dowe ore geval, want dit is pertinent gestel dat die Regering op die ingeslane weg met die onderwysprogram sou voortgaan.[6]

Hierdie verdediging van die onderwysprogram het in die

---

1. De Volkstem, 12/6/'07.
2. Ibid.
3. The Star, 11/6/1907.
4. De Volkstem, 8/6/'07.
5. Ibid., en 12/6/'07.
6. Ibid.

kraam van die Engelse pers gepas. Die konsep was vir hulle ŉ „Progressive Bill".[1)]

Onder die Afrikaanssprekendes, wat in hierdie nasionale saak so verdeeld was, het daar verwarring en onrus geheers. Die voorstanders van die staatskoolstelsel het hulle oorwinning in sig gehad terwyl die C.N.O -ondersteuners by die graf van hulle stelsel gestaan het.

(e) Algemene Kenmerkende Grondbeginsels van Wet Nr. 25 van 1907.

(i) Inleiding.

Op die voorstel van die Koloniale Sekretaris, Smuts, en die sekondering van H. Solomon op 17 Junie 1907, het Smuts vergunning gevra om ŉ wetsontwerp in te dien ter wysiging van die wet op openbare onderwys asook vir ander doeleindes.[2)]

Die datum 25 Julie 1907 sal in die annale van die onderwys in Transvaal aangeteken staan as die datum waarop die nuwe onderwyswet sy beginstadium ingetree het.[3)]

Die tertafellegging van die wet het in Engels geskied. Smuts het op die gewigtigheid van die onderwyssaak gewys en aangetoon dat die saak in die verlede meer gevoelens as enige ander vraagstuk opgewek het.[4)]

Die taalprobleem het vanaf 1866 ontstaan toe Engels saam met Hollands in die leerplan van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek verskyn het. Die probleem van die opvoeding en onderwys van twee rasse wat reëlreg teenoor mekaar gestaan het tot 1902 en daarna, het lewensgroot op die voorgrond getree.

Smuts, met sy ideale van ŉ verenigde volk, wou hierdie probleem oorbrug deur die daarstelling van ŉ wet wat versoenend tussen die C.N.O. en die Britse onderwys sou optree

1. The Star, 10/6/'07.
2. Debatten, Eerste Parlement, Eerste Zitting, Tvl., 41.
3. Ibid., 205.
4. Ibid.

en wat as eindresultaat sou hê die voorsiening in die behoeftes van die twee bevolkingsgroepe. Tewens wou hy 'n suiwere nasionale stelsel van onderwys handhaaf, „onpartydig wat rassen, wat politiek, wat godsdienst aangaat". 1)

'n Tweeledige stelsel het nie vir Smuts in Transvaal bestaan nie, want dit was strydig met sy geheelheidsbegrip en nie ooreenstemmend met die Britse gedagte nie.

Globaal geneem, het die debat oor die twee onderwysstelsels (C.N.O. en staatsonderwys met die implikasies daaraan verbonde) gegaan. Onafskeidelik met die besprekings het daar sekere kenmerkende grondbeginsels opgeduik wat die differensiasie van die twee onderwysstelsels met sterk lyne afgeteken het.

(ii) Die Wet geskoei op die Britse Gees van die Voorgangers.

In die deurlees van die wet kon dadelik tot die konklusie geraak word dat dit op die Britse stelsel, te wete die wette van Milner-Sargant en Selborne, geskoei is. In die verband het dr. D. Macaulay van Denver die Koloniale Sekretaris, dit kwalik geneem dat nóg hy nóg die lede in hulle toesprake die groot en beskeie werk van die onderwysdepartement in die land erken het en die afgelope vyf jaar die weg vir die invoering van die maatreël gebaan het. Vir elkeen wat met die rapporte van die Onderwysdepartement bekend is, moes dit in die ooglopend gewees het. Volgens Macaulay was selfs die verordeninge van leerplig van die Onderwysdepartement van die Oranje-Rivier Kolonie in die maatreëls van die konsepwet vervat. 2)

Ruiterlik het Smuts erken dat die meeste werk in die wetsontwerp op die voorstelle van sy voorgangers gebaseer

1. Debatten, Eerste Parlement, Eerste Zitting, Tvl., 206 en 270-'71.
2. Ibid., 277.

is. Hy het slegs getrag om die verband tussen die verskillende belange in die land te bevestig en op die wyse voldoening te gee aan die uiteenlopende belange van die verskeie volkselemente.[1)]

In dieselfde trant het Sir. G.H. Farrar van Boksburg-Oos Smuts gefelisiteer dat die wetsontwerp dientengevolge veel verskuldig is aan die stelsel van onderwys wat gedurende die laaste vier jaar in swang was.[2)]

Terwyl die opposisie van „Het Volk"-party sy instemmigheid met die konsepwet betuig het, het daar by die Afrikaanssprekende gedeelte van die volk onrus ontstaan, want hulle was alreeds op hoogte met die gees van die wet. Angsvallig het die Afrikanerelement elke poging aangewend om sy tradisionele onderwysstelsel van ondersteunde vryskole te handhaaf. Met die aanvang van die tweede lesing van die wetsontwerp is petisies by die Raad ingehandig, afkomstig van twee rigtings van die platteland ter handhawing van die ou gevestigde onderwysstelsel. Die eerste petisie[3)] met 75 handtekeninge uit die wyk Vaalrivier, Potchefstroom, het die Raad versoek:

1. dat die onderwys van die kinders by die ouers en nie by die Goewerment moes berus nie sodat die ouers meer seggenskap in die benoeming van onderwysers mog hê;
2. dat Hollands meer reg moes kry en as hooftaal in die skole gebruik moes word;
3. dat verpligte onderwys ingevoer moes word maar dat subsidies toegeken moes word aan private skole wat in verafgeleë plekke opgerig moes word waar nie goewermentskole kon bestaan nie
4. dat meer tyd aan die onderrig van Bybelse geskiedenis gewy moes word.

'n Tweede petisie[4)] met 123 handtekeninge uit Potchefstroom het 'n gelyksoortige versoek tot die Raad gerig. Beide versoeke het misluk want daar het groot instemmigheid

1. Debatten, Eerste Parlement Tvl. Eerste Zitting, 293.
2. Ibid., 220.
3. Ibid.,62.
4. Ibid., 147-148.

in die Raad geheers oor die verskillende afdelinge van die konsepwet.

Smuts, geïmponeer deur die welwillendheid van die opposisie en sy party, het des te meer oortuigend en verdedigend met die konsepbepalinge voortgegaan om die beginsels van sy opgestelde wet te karakteriseer.

(iii) <u>Die Beginsel van Verpligte en Gratis Onderwys</u>.

Die twee beginsels: vry laer onderwys (behalwe vir ondersteunde plaasskole) en verpligte skoolbesoek het heelwat kommentaar uitgelok. Unaniem is die beginsel van leerplig toegejuig, want die lede van die Raad het gevoel dát die doeltreffende opvoeding en onderwys van die opkomende geslag van getroue skoolbesoek sou afhang. Baie kinders het geen geleentheid gehad om skoolopvoeding te geniet nie en hulle het opgegroei „als onnutte leden van de Maatschappy".[1]

Die idee van verpligte skoolbesoek is 'n nasionale saak wat in die meeste beskaafde lande terdeë besef word.

In Engeland is die saak reeds vanaf 1853 bepleit, dog eers in 1876 is dit deur wetgewing vasgelê.[2] In Kaapland is met die skoolradewet van 1905 die klousule ingevoer.[3]

Die beginsel van verpligte skoolbesoek was vry algemeen onder bespreking in die meeste westerse lande. Wat die 19de artikel in die Smutswet betref, kan aangeneem word dat die Skoolradewet van Kaapland en die Wet van Selborne die invoering van verpligte skoolbesoek in Transvaal beïnvloed het. Adamson, wat as adviseur van Smuts opgetree het, het ook in sy verslag van 1905-'06 óp die noodsaaklikheid van so'n stap gewys.[4]

---

1. Debatten, Eerste Parlement, 1907, 222.
2. The Education Acts (England & Wales 1890-1899), 49-68.
3. Statutes of the Colony of the Cape of Good Hope Vol. V. Art. 60, 4927.
4. Debatten, Eerste Parlement, Tvl., 211, T.E.D. Report 1905-06, 43.

Selfs die „Christelyke Schoolblad" het reeds in 1899 op die wenslikheid gewys „om een vasten termyn voor verplichte schoolgaan".[1)]

Met die debat oor gratis onderwys het daar egter heelwat verskil van mening ontstaan.

Die heer W.F. Lance van Jeppe het beweer dat dit die plig van die staat is om die kinders van die volk op te voed.[2)]

N.J. de Wet van Middelburg het op sy beurt die beginsel van gratis onderwys heftig geopponeer. Hy het matige tariewe van skoolgeld voorgestaan en geen kostelose onderwys nie behalwe aan behoeftige kinders. Daarom het hy die subsidiestelsel aanbeveel, sodat die ouers wat 'n gewetensbeswaar teen staatkole gehad het, hulle kinders met staatshulp na private skole kon stuur. De Wet het opvoedkundige gronde aangehaal om aan te toon dat gratis onderwys „een slecht beginsel is. Iets dat kosteloos wordt verschaft wordt niet gewaardeert. temeer daar het niet zo op prys gesteld zal worden als wanneer er voor betaald moet worden".[3)]

In verband met gratis laer onderwys in Transvaal het Ord. nr. 7 van 1903 voorwaardelik vry onderwys ingevoer: „whereas it is expedient that the Government of this Colony shall as far as the resources of the Colony permit, provide the means for free elementary education for children of European parentage".[4)]

By die opstelling van die klousule oor gratis onderwys het Smuts die goeie punte uit die C.N.O. sowel as die Britse stelsel geneem en Wet Nr. 7 van 1903 het vir hom as leidraad gedien. Terselfdertyd het dit met art. 6 van die program van aksie van „Het Volk"-party gekoördineer.

---

1. Het Christelyk Schoolblad, 1/9/99.
2. Debatten, Eerste Parlement - Tvl., 224.
3. Ibid., 263.
4. Report of Dir. of Educ. 1900-1904. Bylae I, 3.

(iv) Middelbare of Hoër Onderwys vir Blankes.

In Transvaal is aanvanklik nie 'n duidelike grens tussen laer en middelbare onderwys getrek nie. Daar is hoofsaaklik 'n suiwere Engelse gebruik gevolg. In die verband het dr. A.J. Smuts aangetoon dat die Transvaalse stelsel in die begin min of meer die skeiding en oorvleueling van laer- en hoërskole van Engeland aanneem.[1]

Dit is egter altyd besef dat die gaping tussen die laer- en hoërskole nie oorbrug kon word nie.

In die gang van die ontwikkeling van die middelbare onderwys in Transvaal was die neiging doelbewus om die hoërskool presies volgens die Engelse „public schools" in te rig. By die formulering van die eerste regulasies vir hoërskole in Desember 1903 was die idee om hierdie klas skole selektief te hou, hoë fooie te stel en hulle langs die laerskole te ontwikkel. Daarby was daar geen voortsetting van en aansluiting by die laerskole nie.[2]

Dieselfde Britse invloed en gees wat tydens die Milner-regime bestaan het, word nog in enkele Engelse private skole aangetref soos onder andere Houghton College en St. Johns.

(v) Onderwys van Kleurlinge.

Die kleurlinge het min of meer dieselfde onderwysgeriewe as blankes ontvang, behalwe dat hulle skole 'n graad laer as skole vir blankes ingedeel is.

Geen verpligte onderwys is vir hulle deur die Wet bepaal nie, met die gevolg dat baie nie-blanke kinders analfabete gebly het.

Voor 1902 is daar nie veel deur die staat ter bevordedering van Naturelle-onderwys gedoen nie. Na die oorlog

---

1. Smuts: The Education of Adolescents in South Africa, 41.
2. Ibid.

van 1899-1902 is daar wel voorsiening gemaak en aan sendingskole is subsidie toegestaan.[1]

Die hele betrokke stelsel was Brits gekleurd en derhalwe het dit nie by die nie-blankes se volksaard en behoeftes gepas nie. Die naturel moes tans 'n Europese beskawing ondergaan wat hom in 'n groot mate ontstam het.

(vi) Die C.N.O.-beginsel teenoor die Staatskoolstelsel.

In die uiteensetting van die konsepwet het Smuts aangetoon hoe die onderwyssaak in die verlede en toe nog die gevoelens van die twee blanke seksies opgewek het. Voor 1902 was die openbare skole die twisappel. Hierdie twispunt het na 1902 nog gekompliseerder geraak deur die verskil van ras en taal, en dit kon moontlik in die toekoms as 'n onoplosbare probleem bly voortbestaan.[2]

Na die oorlog het die hooggesentraliseerde onderwysstelsel van Milner-Sargant en Selborne 'n sterk teenstand uitgelok waaruit die C.N.O.-skole verrys het - 'n private stelsel wat veral inslag by die Afrikaanssprekendes gevind het.[3]

Ten bate van hierdie vorm van onderwys is 'n agitasie op tou gesit vir subsidie van die Regering en daaruit het weer voortgevloei die argument in hoever subsidie van regeringsweë toegestaan moes word. Dit was een groot probleem wat deur die Wetgewende Raad opgelos moes word. As geen subsidie toegeken moes word nie, sou dit beteken dat die C.N.O.-skole nie kon bestaan nie en dit sou noodwendig tot ineensmelting met die staatskole lei.

Dit sou weer die konsekwensies van ontevredenheid by die C.N.O.-voorstanders oplewer, want die voortbestaan van die C.N.O.-skole was op die spel.

---

1. Report Dir. of Educ. Tvl. 1900-1904, Ord. Nr. 7/1903, Bylae 1.
2. Debatten, Eerste Parlement Tvl., Eerste Zitting 1907, 206-'07.
3. Ibid., 207.

In werklikheid was die C.N.O.-stelsel na 1902 ŉ voortsetting van die Republikeinse skoolwese. Hierdie vooroorlogse skoolstelsel was vas en diep in die hart van die Afrikaanse volk gewortel.[1)]

Die C.N.O. was ŉ stelsel van skole wat rekening gehou het met die godsdiens, taal en geskiedenis van die Afrikaner. Dit was dus ŉ stelsel van Christelik-Nasionale skole wat van die ouers uitgegaan het en waarvan die gees en aard sodanig was om so getrou moontlik die Republikeinse stelsel na te volg.[2)]

Die grondslag van die stelsel was Hollands; in die beginjare is nie veel aan Engels gedoen nie. Engelse onderwys is geleidelik ingevoer sodat in die hoër standerds eweveel tyd aan Engels en Hollands bestee is. Met godsdiensonderwys was ook leerstellige onderwys gegee, want die skoolopvoeding was die voortsetting van die huislike opvoeding waar die ouer sy doopsgelofte in die Christelike waarheid uitgevoer wou sien.

(f) Godsdiensonderwys in die Staatskole soos beliggaam in die Onderwyswet.

In teenstelling met die godsdiensonderrig in die C.N.O.-skole het die Wet bepaal dat die neutrale Christelike leer die grondslag van die godsdiensonderrig in die skole moes wees.[3)] Geen sektariese of dogmatiese onderrig moes gegee word nie, want die skool is nie die plek daarvoor nie, maar die kerk. Die staat kon alleen die algemeen-Christelike beginsels van die bevolking erken,[4)] dit wil sê ŉ neutrale rigting in die onderwys en met geen Godgerigte doel nie.

Oor hierdie aspek van die saak was daar verskil van mening by die lede van die Raad. Farrar het gemeen dat die gebed en godsdiensonderrig ook dogmatiese onderwys kon

---

1. V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 151.
2. De Christelyke Schoolblad, 1/3/'05.
3. Debatten, Eerste Parlement Tvl., Eerste Zitting, 1907, 213.
4. Ibid.

insluit. Hy het gereken dat „Onze Vader" en eenvoudige Bybellees die minste kans vir dogmatiese onderwys sou bied.[1]

Die heer F.W. Lance van Jeppe het erken dat dit inderdaad moeilik val om die Bybel te onderwys sonder dat dit dogmaties word, „maar dat wy in dit land onderwys moeten hebben met een besliste erkenning van de Bybel en de Christelike grondslag".[2]

In sy kommentaar oor godsdiensonderwys het die heer N.J. de Wet van Middelburg daarop gewys dat die C.N.O.-skole nie soseer op die punt van godsdiensonderwys gestaan het nie, maar die uitgesproke sienswyse was dat die onderwys in 'n Christelike gees moes geskied èn dat die ouers die reg sou hê om invloed uit te oefen op die aanstelling van die onderwywers, sodat hulle die waarborg kon hê dat die kinders aan 'n Christelike persoon toevertrou is.[3]

Origens het al die lede die konsepwet insake nie-dogmaties-onsektariese onderwys heelhartig gesteun.

So is die ou gevestigde instelling van godsdiensonderwys van die Boerevolk deur die konsepwet beëindig en deur 'n kleurlose godsdiensonderwys vervang.

Die bedoeling met hierdie godsdiensklousules was om al die verskillende bevolkingselemente in die skool saam te snoer en 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid te vestig sodat almal daaraan kon deelneem.[4]

Hierdie liberale opvatting was eie aan Smuts se lewensbeskouing van 'n groot geheel, waar almal as broers van dieselfde huis moes saamwoon.

Die rasegte Afrikaner en deurdronge Calvinis het gevoel dat die liberale onderwyswet wat 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid wou vestig, hulle van hulle eersgeboortereg gaan vervreemd en ontwortel.

---

1. Debatten, Eerste Parlement Tvl., Eerste Zitting 1907,219.
2. Ibid., 222.
3. Ibid., 264.
4. Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek,104.

Teen die kleurlose godsdiensonderwys het 'n deel van die volk buitekant die Transvaalse parlement hulle stem laat hoor.

Van Engelse sy het ook stemme teen die godsdiensonderwys opgegaan. G.W. Hart van Johannesburg het sy mening soos volg gelug: „A system of education which gives to every child the best possible opportunities of development in every department of his nature, i.e. in body, mind and soul. When we come to the education of the soul we utterly fail to see how any instruction can be the best which is not denominational? Perhaps what we long for our children is 'Simple Gospel Teaching' rather than 'Simple Bible Teaching'".[1)]

Die kranigste pleitbesorger vir onafhanklike vryheid van die godsdiensonderwys was prof. J. Kamp, in die brosjure „De Vrye School met Goewerments-subsidie voor heel Zuid-Afrika. Het eenige Redmiddel". In die geskrif het hy die goewermentskool veroordeel, want: (i) De goevernementschool is gebaseerd op een langer en aanmatiging , daar zy het gouvernement tusschen God en de ouder instelt; (ii) Zy is een stadig maar zeker gif van alle ware godsdienst; (iii) Zy kan onze kinderen nooit een nationale opvoeding geven".[2)]

Die vrye skool as die enigste redmiddel het hy soos volg verdedig: (i) „De Vrye School is het eenig redmiddel om de Eere Gods in de opvoeding onzer kinderen tot haar recht te doen komen; (ii) Zy is het eenig redmiddel voor onze kerken en strekt dus tot behoud van den waren godsdienst onder ons; (iii) Zy is het „eenig redmiddel tot behoud van ons nationaliteit".[3)]

Kamp het verder gewys dat die goewermentskool die ge-

---

1. The Star, 19/6/'07.
2. Kamp: De Vrye School met Gouvernements-subsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel, 3.
3. Kamp: De Vrye School met Gouvernements9subsidie..,3.

volg is van die veragting van die kennis van die Woord van God, en die leer van die kerk het afgeneem. Die geestelike voelhorings van die jong geslag het daardeur daagliks verstomp.[1)]

Voorts het hy aangeooon dat die „Vrye School" in stand gehou moet word en dat die regering aan die vrye skool subsidies moes toeken. Op die wyse sou die moedertaal in die vrye skool nie verwaarloos word nie en die geestelike pand aan die ouer toevertrou, sou bewaar word.[2)]

Die Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, in Maart 1907, het die beginsel van vrye skole ook gesteun. Die ouers is self geroepe om vir die onderwys van hulle kinders te sorg en aangesien die ouers belastinggbetalers is, kon hulle met reg subsidie van die regering vorder om vrye skole te stig.[3)]

Reaksie teen die Onderwyswet het ook van professor Cachet in sy pamflet: „Niet om te twisten maar om des geweten wil" gekom.

Hy het op drieërlei groot gevare gewys:[4)]

(i) dat die moedertaal geheel opsy gedruk sou word, of op sy beste as 'n onverskillige saak bejeën word;

(ii) dat die godsdiensonderwys op niks sou uitloop nie omdat dit vreemd aan dogma bly;

(iii) dat aan die ouers slegs 'n skynmag en seggenskap insake die benoeming van onderwysers gegee is.

Ten besluite het Cachet aangevoer dat aan God die gehoorsaamheid nie opgesê kon word nie. Die ouers is verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders. Die enigste weg is om vry Christelike skole te propageer en te stig en die regering moet dit subsidieer.[5)]

---

1. Kamp: De Vrye School met Goevernements subsidie, 12.
2. Ibid., 17.
3. Coetzee: De Gereformeerde Beginsel, 32-33.
4. Cachet: Niet om te twisten, maar om des gewetens wil,4.
5. Ibid., 15.

In verband met die moedertaal het Cachet die volgende beskeie vraag gestel: „Wat het u eie goeie moedertaal tog aan u en u volk misdaan dat dit alleen by hoë guns sy verskyning mag maak in ons regeringskole waarvan die Hollandssprekende burgers net so goed betaal as die Engelssprekendes, en waarop hulle dus eweveel reg en aanspraak het".[1)]

Kritiek op die Smutswet het ook van die hand van dr. J.D. du Toit verskyn in die vorm van 'n gepubliseerde lesing: „Christelyk Onderwys met of zonder Dogma". Dr. Du Toit het aangetoon dat onreg en gewetensdwang gely word deur diegene wat dogma op skool verlang, terwyl die ouers volgens die doopgelofte plegtig beloof het om die kind in die voorsegde leer te onderwys of te laat onderwys.[2)] Du Toit het aangetoon dat die wetsbepaling alle dogmatiese onderwys onmoontlik maak. In die lesing is ook daarop gewys dat dit onmoontlik is om Bybelse geskiedenis sonder Bybelse dogma te onderwys, want voortdurend word met die dogma in aanraking gekom. Vir die dogma word 'n ereplek gevra, omdat die kind nie kan leer en lewe sonder die oplossing wat Gods Woord van die groot vraagstukke van die tyd en wetenskap gee nie. Deur middel van dogma gryp die kind in sy jeugjare die kiem van die groot waarhede waaruit later die boom van die ware kennis en ware lewe opwas,[3)] omdat die lewe in heiligheid ter ere Gods die doel moet wees by alle opvoeding en dat die kind daartoe moet kom deur die kennis van Gods wil, duidelik uitgedruk in die dogma wat na die Woord van God is.[4)]

So'n onderrig kan tot sy reg kom in die Christelike skool wat deur die ouers opgerig en deur die staat gesubsidieer word. So'n dogmatiese, vrye, Christelike skool onder

---

1. Cachet: Niet om te Twisten....,1.
2. Du Toit: Christelyk Onderwys met of zonder Dogma, 4.
3. Ibid., 20.
4. Ibid.

Christelike Afrikaners het die skoonste kans om te slaag. Geen kerkskool word verlang nie, maar skole, vry van kerk en staat en deur ouers opgerig wat dieselfde grondslag het.[1] In „Het Kerkblad" is voortdurend gewys op die prinsipiële besware teen die Wet. In die artikel „Buigen of Agiteren" van 1 November 1908 is op die ongerymdhede in die sing van gesange en liedere gewys. Die handelwyse en die gevoelens van die Departement van Onderwys is geheel en al in stryd met die onderwyswet. Alle godsdienstige liedere bevat kerklike leerstellinge. Volgens die Departement mag die liedere gesing word, sodat hieruit regstreeks volg dat dogmas op die skole mag kom as dit maar geskied deur middel van sang en nie deur mondelinge onderrig van die onderwyser nie.[2]

Ook deur middel van kongresse is besware teen die onderwyswet aangeteken. Die C.N.O.-kongres van 1 Augustus 1909 het na bespreking van die algemene besware teen die wet besluit dat die vergadering dit dringend nodig ag dat die onderwyswet sodanig gewysig word dat die ouers wat beswaar teen staatskole het, die reg verkry om vrye skole met geldelike steun van staatsweë op te rig. Enkele veranderinge in die onderwyswet in verband met skoolkommissies en taalmedium is ook voorgestel. Vir hierdie voorstelle was die Transvaalse parlement nie te vinde nie.[3]

Op die onderwyskongres van Julie 1907 op Pretoria het die voorsitter, W. Klooster, in sy rede die ideaal van die C.N.-onderwysers gestel. Vrye skole wat van die ouers uitgaan, gesubsidieer deur die staat en met gelyke taalregte is voorgestaan. Die onderwyswet is nie ooreenkomstig hulle ideale nie. Die beginsel van vrye onderwys het die voorsitter as demoraliserend vir die ouers as die natuurlike

---

1. Du Toit: Christelyk Onderwys met of zonder Dogma, 20.
2. Het Kerkblad, 1 November 1908. Art.„Buigen of Agiteren".
3. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel, 36-'7.

opvoeders beskou.[1] Dr. Cillie van Kaapland, wat die kongres bygewoon het, het Hom oor die onderwysstelsel soos volg uitgelaat:„Inzake't onderwysstelsel dat we een sisteem willen, niet ingevoerd uit Schotland of Holland, maar dat ontstaan moet in Zuid-Afrika voor Afrikaners".[2]

(g) Ouerseggenskap.

Nou verbonde aan die godsdiensbeginsels was die ouerseggenskap in die benoeming van Christelike onderwysers aan wie die kinders toevertrou moes word. In die verband was die ouers gewoond aan plaaslike kontrole en aan gesubsidieerde staatskole waar elke ouer sy deel moes bydra in die opvoeding van die kind.

Volgens die Republikeinse stelsel is die stigting van skole aan plaaslike inisiatief oorgelaat. Daarom is die ouers as gesaghebbende in plaaslike skole erken en die plaaslike gesag moes deur die ouers uitgeoefen word.[3]

Die Smutswet het op sy beurt weer bepaal dat die skoolkommissies deur die ouers gekies moes word en die skoolrade deur die stemgeregtigde burgers van die distrik. In die aanstelling van onderwysers kon die skoolkommissies by die skoolrade aanbevelings doen en laasgenoemde sou dit na die Departement van Onderwys deurstuur.[4]

In verband met ouerseggenskap insake skoolkommissies en skoolrade word die grondbeginsels van die Smutswet soos volg deur Coetzee getipeer:„Dit handhaaf die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys en verwerp die Afrikaanse beginsel van C.N.O. en wel ten opsigte van die grondreg van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwysers vir hulle kinders se onderwys aan te wys en ook ten opsigte van die grondvereistes van die Afrikaanssprekende bevolking betreffende die

1. De Volkstem, 10/7/1907.
2. Ibid.
3. Debatten Eerste Parlement Tvl. Eerste Zitting 1907,208.
4. Ibid., 209.

taal en die godsdiensonderwys".[1]

Die bepalinge oor skoolrade en -kommissies het nie gestrook met die Afrikanervolk se demokratiese en godsdiensbeskouings nie, naamlik dat die ouer verantwoordelik vir die opvoeding van sy kinders is en 'n seggenskap in die bestuur van die skool en die keuse van die onderwyser moes hê. Hierdie beginsel is deur die Smutswet verwerp.[2]

Wat die bepalinge van die klousules oor die skoolrade in die Smutswet betref, is die patroon volgens die Kaapse Skoolradewet van 1905 gevolg.[3]

Die Transvaalse Luitenant-Goewerneur het met die opstelling van die Selborne-wet van 1905 op sy beurt ook die Kaapse Skoolradewet nagevolg.[4]

In sy kommentaar oor die skoolrade van Selborne het „The South African News" aangetoon dat die regulasies in verband met die benoeming van onderwysers identies is met die van die Kaap. Die komitee wat die ouers verteenwoordig, nomineer die onderwysers; die skoolrade beveel aan en die Goewerneur stel aan.[5]

Die ooreenkoms, samestelling, bevoegdhede en funksies van die skoolkommissies en skoolrade soos in die Smutswet vervat, toon treffende ooreenkoms met die Skoolradewet van Kaapland.

(h) Voertaalvraagstuk.

Oor die vraagstuk van gelyke regte aan Hollands en Engels is daar by die besprekings uiteenlopende menings oor die onderwys in die Raad geopenbaar.

Die Koloniale Sekretaris wou geen tweeledige onderwysstelsel in Transvaal duld nie. Deur die onderwys moes 'n

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98-99.
2. Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 113.
3. Bulletin of Educational Statistics for the Union of South Africa, 1939, 24.
4. Lt. Gov. of Tvl., 129:114: General Matter 13/5/'05.
5. The South African News, 7/2/06.

verenigde krag en invloed uitgeoefen word.[1] Nieteenstaande die eenheidsbeginsel van Smuts het hy terdeë die verskil van die twee rasse besef, maar hy wou probeer om alle regmatige verlange van die verskillende afdelinge van die bevolking tegemoet te kom en 'n oplossing vir die twee-taleprobleem vind. Hy wou tot 'n gemeenskaplike standpunt in die land geraak. Die eerste voorsiening in die wet was dat die kinders beide tale moes leer en die tweede voorsiening was dat die onderwys in die begin in die moedertaal van die kind gegee sou word. Engels moes van die begin af geleer word en langsamerhand sou Engels as voertaal ingevoer word nadat die derde standerd deurloop is, behalwe as dit anders bepaal is in art. 31.[2]

Met ander woorde, elke kind sal deur die huistaal leer tot en met standerd III en vir die Afrikaanssprekende kind moet Engels geleidelik ingevoer word sodat hy na standerd III uitsluitlik deur Engelsmedium kan leer, behalwe in twee vakke soos in art. 32 bepaal is.[3]

Art. 31 het bepaal dat: "Geen leerling in een openbare school zal van eenigen standaard overgaan tot een hoogeren standaard tensy hy inter alia zulk een kennis van de Engelsche taal heeft verkregen als redelykerwyze van hem verwacht kan worden en bevredigende vorderingen in de kennis van de taal maakt".[4]

Dus kennis van en vordering in die Engelse taal sou een van die voorwaardes van promosie in openbare skole wees. Die promosievoorwaarde na 'n hoër klas was een van die kenmerkende anglisasiebeginsels van die Britse beleid. Net soos die Britse owerheid tydens die 19de eeu in Kaapland en weer tydens die Milner-regime Engels verklaar het as

---

1. Debatten, Eerste Parlement, Tvl., 1907, 206.
2. Wetten van de Transvaal 1907, Art. 30, 210.
3. Ibid., 213.
4. Ibid., 212.

die vak waaraan die meeste aandag bestee moes word, so is dit ook deur die Smutswet as die belangrikste skoolvak beskou.

As art. 31 nou vergelyk word met die rapport van die Direkteur van Transvaal waar hy sê: „The primary aim of education is not to develop, and sustain any particular language, but is the development of the individual so that he may best promote his own welfare and that of the community",[1] dan kan begryp word in hoe 'n netelige posisie die Afrikaanse kind geplaas was.

Die motief met die wet kon goed verstaan word. Die Britse staatkunde was om die oorwonne nasies te angliseer en Smuts wou hierdeur eenheid bereik.

Wat die taalklousules van die wet van 1907 betref, kan dit saamgevat word deur te sê dat elke kind Hollands mag leer, maar elke kind moes Engels leer.

Die gees wat uit die taalordonnansie gestraal het, het as 'n openbaring met die toespraak van Farrar in die Raad gekom: „Als wy de kwestie van de Engelse taal beschouwen, dan beschouwen wy die kwestie niet slechts als burgers van een groot Ryk, maar wy zien ook op de waarde van die taal door de gehele beschaafde wêreld. Ik geloof zelf dat het onderwyzen van Engels in de scholen van dit land op eigen merieten zal staan; en ik geloof zeker dat het goed verstand van de bevolking van dit land zal erkennen, dat die taal onderwezen moet worden, als zy wenst te stryden tegen de enorme konkurrentie die bestaat".[2]

Dat Engels verpligtend in die skole gemaak is en Hollands nie, is nogeens „The Transvaal Leader" ook reg, want... „ignorance of Dutch means nothing more than a conversational disability, whereas ignorance of English con-

1. Report of Dir. of Educ. Tvl., 1906 - '07.
2. Debatten, A.W., 219.

stitutes a most serious impoverishment and will handicap the child for life".[1)]

Generaal S.W. Bruger van Lydenburg het daarop gewys dat waar die regte van die Engelse taal gerespekteer word, word ook verlang dat dieselfde respek vir Hollands verwag sou word.[2)]

J. de Clerg van Middelburg-Oos en L.A.S. Lemmer van Marico het daarop gewys dat Engels verpligtend gemaak is en Hollands nie. 'n Fondament van geen taalgelykheid nie is neergelê. Die doel van die wet is ineenskakeling en ineensmelting van die twee rasse tot een nasie. Die verpligtinge van beide rasse moet dieselfde wees om Engels en Hollands te leer.[3)]

Nou aaneensluitend by Farrar het Sir J.P. Fitzpatrick met sy meerderwaardigheid en hoogheidswaan oor die Engelse taal hom soos volg uitgelaat: „Ongetwyfeld zal een ieder erkennen, dat er een verschil in waarde bestaat tussen de twee talen".[4)]

Daar was geen beginsel van taalgelykheid nie, alhoewel Smuts met die opstelling van die konsepwet verklaar het dat hy die geledę onreg van Hollands sou herstel. Slegs Engels was verpligtend gemaak en Hollands kon na standerd IV in twee vakke as medium gebruik word as die skoolraad daaroor sou besluit. Alle ander tale behalwe Engels het Smuts ewe hoog met Hollands geag.[5)]

Hierdeur het dit geblyk dat die kultuurreg van die Afrikaner vir Smuts van min belang was. Kulturele en politieke bewegings het min krag in Transvaal gehad waar Smuts aan die roer was en waar hy gewillig was om kulturele voorregte aan politieke oorheersing op te offer.

Waar hy eers 'n voorstander van C.N.O. was, daar het

---

1. The Transvaal Leader, 25/6/'07.
2. Debatten A.W., 221.
3. Debatten A.W., 274-'75.
4. Ibid., 289.
5. Ibid., 207.

hy in Transvaal 'n onderwysstelsel ingevoer „which undoubtedly pondered to British sentiment to the detriment of the Afrikaner interests in the Transvaal, in that English was made a compulsory subject in the schools while Dutch was merely optional".[1]

Smuts, opgevoed in Brits georiënteerde inrigtings en veral in 'n suiwer Britse universiteit, het die hoë kultuurwaarde van Engels besef en daarom het hy koel teenoor die Afrikaanse eiendomlikhede gestaan. Dr. A.C. Celliers het van sy ideologie gesê dat sy ideaal onvermydelik en onteenseglik tot die uitdelging van die Afrikaner sou lei.[2]

Dit is opvallend dat met die loodsing van die onderwyswet Smuts se grootste taak nie was om die opposisie te oortuig dat die wet in die beste belange van die land opgestel was nie maar wel sy eie partygenote, sommige van wie hy as „onwelwillende geest" bestempel het.

In sy repliek by die tweede lesing het hy sy dank uitgespreek teenoor die hulde wat aan hom van opposisiekant gebring is maar wys tewens daarop dat 'n deel van die verdienste sy voorgangers moes toekom: „Ik heb slechts beproefd het verband te bevestigen om de verschillende belangen in dit land te verbinden en aldus voldoening te geven aan de verschillende belangen van de verschillende delen der bevolking".[3]

Hier het Smuts se lyforgaan, „De Volkstem", die woorde beseël met die volgende gedagte „dat de tans verschenen schoolwet iets is om dankbaar voor te zyn".[4]

Met algemene stemme is die wetsontwerp op 25 Julie 1907 in die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[5]

---

1. Crafford: General Smuts, 75-76.
2. Celliers: Britse Holisme of Suid-Afrikaanse Nasionalisme, 9.
3. Debatten, A.W., 292-293.
4. De Volkstem, 15/6/'07.
5. Debatten, A.W., 848.

(i) Die Konsepwet in die Wetgewende Raad.

Met die bespreking van die wetsontwerp in die Wetgewende Raad of Hoër Huis het daar belangrike onthullings plaasgevind. Smuts het nog eens voor die lede van die Hoër Huis sy geheelheidsidee duidelik en doelbewus blootgelê. Die wetsontwerp is vir hom 'n ernstige poging om die verskillende klasse van die bevolking van die land op 'n gemeenskaplike standpunt te kry. Klasseverskil en -verdeeldheid moes uit die weg geruim word. Hy wou sien of dit nie moontlik is om die hele blanke bevolking van die land in 'n algemene stelsel te verenig sodat die beste vrugte vir die toekoms afgewerp kan word nie. Hy wou alle blankes in een nasionale stelsel opneem, sodat in die toekoms 'n veel beter verenigde blanke ras in Suid-Afrika en 'n nuttiger blanke bevolking as tevore gevind kon word.[1)]

M. Langermann het Smuts geloof vir sy diplomasie en staatkunde vir so'n wet wat in die toekoms gegrif sou wees in die harte van diegene wat die voordeel daarvan reeds ondervind het: "als een Wet die de vernaamste oorzaak geweest is van het tesamen brengen van twee volken in een land verschillende van taal en misschien verschillende in gewoonte, tot het vormen van een machtige en sterke nasionaliteit".[2)]

Omdat die Wetgewende Vergadering reeds die Smutswet aangeneem het, het A.D.W. Wolmarans, ook 'n lid van die Wetgewende Raad, nie amendemente voorgestel nie, maar hy het sy beskeie mening oor 'n paar strydpunte gegee. Volgens hom het die wet onreg aan die ouerregte gedoen. Hy was ook van mening dat volgens alle morele en sedelike wette die ouer die uitsluitende reg oor sy kind besit en nie die staat nie. Alleen wanneer die ouer in gebreke bly, moes die staat ingryp. Hy was bevrees dat aan 'n groot deel van die Hollandssprekende bevolking, wat in 'n sekere mate gewoond was aan

1. Debatten-Wetgevende Raad-Transvaal, Eerste Zitting, 1907, 314-5.
2. Ibid., 316.

tradisies van die voorgeslag, onreg gedoen word. Hy het dit gelaak dat Smuts beweer het dat die Mansvelt-wet van 1892 dieselfde grondbeginsels van openbare onderwys as die konsepwet van 1907 bevat het. Die omstandighede van 1892 was vir Wolmarans totaal anders as die in 1907. In 1892 is die onderwyser deur die ouers benoem, terwyl in 1907 hy deur die goewerment benoem is om alle onderwys waar te neem, ook die godsdiens. Die 1907-wet het bepaal dat die distriksbestuur die onderwyser moes aanbeveel en so'n bestuur moes deur die stemgeregtigde burgers van die kiesafdeling verkies word. Hy wou weet wat die stemgeregtigde burgers met die opvoeding van sy kinders te doen het. Volgens hom is die ouers nie vry in die opvoeding van hulle kinders nie. Die benoeming van die onderwyser moes by die ouers berus en elke ouer kan godsdiensonderwys laat gee deur die onderwyser van eie keuse. Kragtens die Mansvelt-wet was die beginsel dat alles van die ouers uitgaan, en daardie prinsiepe is deur die hele bevolking gehuldig.[1)]

Met weldeurdagte woorde het L.G. Curtis in verband met die maatreël voor die Raad die verhouding van die staat tot die individu geskets. Die staat moes altyd tred hou met ander state en vrywel moes die onderwysstelsel en wette by die individu pas. Om met so'n onderwysstelsel 'n volksgebou op te rig, moes die regering van gereedskap voorsien word waarmee die bevolking van die land gevorm moes word, sodat van hulle 'n muur gebou kon word wat blywend sal wees en onwrikbaar kon staan.[2)]

Vir Curtis was die materiaal vir so'n volksgebou baie verontrustend. Hy het die uiters benarde posisie van die volk en veral die plattelanders wat as boumateriaal vir so 'n volksgebou gebruik moes word, op dramatiese wyse geskets. Hy het verwys na die kwessie van armoede, die 8000 armblan-

---

1. Debatten - Wetgevende Raad, Transvaal, 1907, 321-2.
2. Ibid., 327.

kes wat in 1907 met „Burgergrond-Settlement" gehelp is. Die klasse verteenwoordig al juis vyf persent van die bevolking van Transvaal. Vyftien persent van die ingeborenes van Transvaal het volgens Curtis onder die broodlyn gelewe. Die onderwysstelsel moes so wees dat die ongelukkiges liggaamlik en geestelik gevoed word. Hierdie gebrek word deur Curtis aan die gebrek aan opvoeding en onderwys gewyt. Hy wou 'n praktiese onderwysstelsel in toepassing sien.[1)]

Vir hom was die doel van laer onderwys om karakters te vorm en te versterk en om die verstand te ontwikkel. Dit moes die seuns en dogters prakties sowel as intellektueel geskik vir die lewensarbeid maak.[2)]

Die ouerlike huis het hy hoog gestel. Praktiese industrie, praktiese kennis en die ambisie wat daaruit mog voorkom, behoort in die ouerhuis onderwys te word. Om die vraagstuk van armoede teë te werk, moes die onderwys 'n meer industriële aansien hê, d.w.s. dit moes landboukundig van aard wees. Vir Curtis moes liggaam en siel gelyktydig gevoed word. Nou aansluitend by die landbou-onderwys het hy ook tegniese onderwys bepleit vir die kinders wat aanleg vir werktuigkunde sou openbaar.[3)]

Oor die taal- en godsdiensvraagstuk het hy sy instemming soos volg betuig: „Aldus glanst een goede daad in een boze wereld".[4)]

Op 14 Augustus 1907 is die Onderwyswetsontwerp deur die komiteestadium met algemene stemme deur die derde lesing geloods. Op 19 Augustus van dieselfde jaar is die koninklike goedkeuring aan die Onderwyswet van 1907 geheg.[5)]

Die plasing van die Smutswet van 1907 op die wetboek van Transvaal het beteken die bereiking van die eerste groot

---

1. Debatten - Wetgevende Raad, Transvaal, 1907, 330-1.
2. Ibid.
3. Ibid., 332-3.
4. Ibid., 334.
5. Ibid., 804 en 1017.

staatkundige mylpaal in sy ideologiese begrip. Met sy magsposisie wou hy die Afrikanerdom as 'n klein geheel tot een groot volk saam met die Engelssprekendes smee, sodat almal aan die een groot Britse Ryk sou behoort - almal met een wêreldtaal om een gemeenskaplike ideaal te dien.[1)]

Hierdie ideaal het hy tot sy dood probeer nastreef.

---

1. Smuts: Holism and Evolution, 319.